# Nuusbrief Maandeliks

**DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID**

VOLUME 3 NOMMER 1 FEBRUARIE 2026


## IN DIE FEBRUARIE 2026 UITGAWE


1 | **Oordenking:** Beleef in 2026 dat die Drie-Enige-God dans
**Dr. Jan Botha**

2 | **Woord deur die Voorsitter:** 2026 - Jaar van uitdagings
**Dries Wiese**

3 | **Brugbou en Afrikaner Uitnemendheid toekennings - 2026**
**Dries Wiese**

5 | **Wie gaan blameer word as ons nie meer daar is nie?**
**Jan Bosman**

7 | **Plaaslike Regering en verkiesing grondvlak inisiatiewe**
'n Beslissende oomblik
**Dr Carl Marx**
Gemeenskapsontwikkeling
**Nico Stofberg**
Model vir suksesvolle munisipale vernuwing
**Pieter Vorster**

10 | **Ontkenning en 'n gebrek aan aanspreeklikheid op politieke vlak**
**Genl. Roland de Vries**

12 | **Het FW De Klerk oorgegee?**
'n Strategiese antwoord aan kritici
**Johan Mostert**

13 | **Gevolge van 30-jaar se ANC beleid**
**Dr Carl Marx**

14 | **Onteiening - 'n Regsanalitiese beskouing**
**Wynand Fourie**

15 | **Ons buitelandse verleenthede en skandelike vriende**
**Jan Bosman**

17 | **Ope brief aan Mantashe**
**Gerhard Papenfus**

19 | **Eerste BELA toetssaak**
**FEDSAS**

20 | **Afrikaanse skole presteer**
**SOS Matriekverslag**


## OORDENKING: BELEEF IN 2026 DAT DIE DRIE-ENIGE-GOD DANS

***Deur dr. Jan Botha***

Ons is weer aan die begin van nog 'n nuwe jaar, ja 2026! Daarom wil ek in hierdie tyd kyk na die feit wat ons baie keer so beklemtoon en so gereeld sê in die kerk en in ons geloofsbelydenis ook. Ek glo in God Drie-Enig. Wie is hierdie God Drie-Enig? Hoe werk Hy ook in hierdie nuwe jaar, hierdie uitdagende tye waarby ons elke dag betrokke is. Ons, Sy kinders, moet sin gee aan die lewe.



Drie-Enige God, hierdie Drie-Enige God, is 'n God wat omgee. Hy was altyd daar, Hy was altyd betrokke. Die koninkryk van God is waar ek en jy leef. Dit is die werkruimte waar God ons geplaas het om elke dag aan ander mense af te smeer. Sy liefde, Sy genade, Sy omgee, af te smeer deur die dans van die lewe.

God verskaf 'n struktuur waarbinne ons kan lewe. Daarom kom die Amerikaanse Teoloog, Eugene Peterson wat die Bybel "The Message" geskryf het en die boodskap se vertaling later in Afrikaans vertaal is deur Stephan Joubert en sê lewe is "om af te smeer deur die dans van die lewe".

God verskaf 'n struktuur waarbinne ons kan lewe. Peterson gebruik 'n treffende metafoor en hy sê: *"Dit gaan oor 'n dans."* Hy sê die reën bring nuwe lewe. Groei krag, blydskap, 'n dans. Die Griekse woord "periforesis" wat vir dans gebruik word, verwys na 'n verhouding tussen 'n gemeenskap tussen God die Vader, God die Seun en die Heilige Gees. Hierdie Drie-Eenheid, Drie Persone, Een in Wese, is so belangrik. Hy sê dit so mooi: *"Dit is soos 'n folk dans,* 'n 'folk dance' kan jy sê. 'n Folk dans hierdie mense daar van die Noord Kaap, hulle dans tot die stof staan. 'n "Round" dans, iets van 'n ronde dans met drie deelnemers, God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

In elke groepie, hierdie een groep kan ons sê spesifiek is hierdie Drie Persone teenwoordig. Stel jou die oomblik, prentjie voor in jou kop, daar waar jy sit, in jou gedagtes. Die musiek wat begin speel. Die Drie hou vas mekaar se hande en beweeg in 'n sirkel. Daar is geen sein of tekens nie. Hulle los die hande verander van dansmaats, beweeg in en uit. Swaai eers die een en dan die ander. Die tempo neem toe en die maats beweeg meer elegant met mekaar saam, tussen mekaar, terwyl die ander hulle swaai, draai, omarm en los laat, hou vas en weer los. Daar is geen onduidelikheid nie. Elke beweging is goed gekoördineer, presiese ritme, terwyl elke persoon sy of haar eie identiteit behou, is dit belangrik om te sien al Drie dans met 'n glimlag.

Die toeskouer, ek en jy, beleef die bewegings as so vinnig en volmaak, dat dit by tye onmoontlik is om die persone van mekaar te onderskei. Partykeer sien jy een persoon, maar nou is hulle in 'n ry. Ander kere sien jy drie persone, want elkeen is op sy eie. Dan sien jy twee, want hulle hou mekaar se hande vas op 'n manier wat ons nie altyd mooi verstaan nie.

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Beleef in 2026 dat die Drie-enige-God dans (verv)

Ja, dit is die Drie-Eenheid, God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees wat so dans. So verstaan ons al meer van die lewe. So begin ons ook dans as die kinders van die Drie-Enige God. Ek dink dit is so mooi om te weet ek en jy word persoonlik ingenooi, aan die hand gegryp, ingetrek in hierdie gemeenskap van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Hulle wil hul skepping heel maak. Daarvoor gebruik Hulle vir my en jou om deel te word van hierdie dans, medewerkers te word. So beleef ons elke dag iets van God wat teenwoordig is.

God wat my en jou as gestuurdes roep, juis in onseker tye wat ons elke dag beleef, maar ook in hierdie nuwe jaar bied vir ons die geleentheid om saam te dans. Omdat hierdie Drie-Enige God persoonlik is en binne verhoudings optree, kan en moet ek en jy ook vrymoedigheid neem en deel te neem aan hierdie werk van Hom. Ek en jy kan en moet ook saam dans in hierdie uitdagende tye, in hierdie reëntyd, tot eer van ons Vader. Hierdie Drie-Enige God kyk na ons. Al probeer ons, al trap ons skeef, al is ons ook uit pas, al val ons partykeer oor ons lompe voete, Hulle kyk glimlaggend na ons en weet ons probeer ook na-aap, volg, dit wat Hulle vir ons wil leer en nagelaat het: “Die Goddelike dans van die Drie-Eenheid”.

Kom ons aanvaar die uitnodiging en gaan doen dit, kom ons beleef dit en kyk ook met ander oë na hierdie Drie-Enige God in Wie ons glo en wat ons elke dag deur Sy Gees lei. Paulus bevestig ook so aktiewe uitleef van my, ons geloof as hy sê in: “Filippense 1:11 In alles wat julle doen, sal mense kan sien dat julle verhouding met God reg is. Jesus Christus sal julle help om reg te lewe. So sal mense aan julle kan sien hoe wonderlik God is. Dan sal hulle met opgewondenheid oor sy grootheid praat”.

* *Dr Jan Botha is ’n predikant by die Florauna NG Gemeente. Pretoria*. ❖

---

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: 2026 JAAR VAN UITDAGINGS

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Die jaar 2026 het reeds stewig afgeskop en sy kwota van gebeure opgelewer. Dit voel asof die land nie 'n blaaskans kry nie: politieke woelinge, natuurrampe, ekonomiese druk, internasionale konflikte wat golwe maak, en swak dienslewering wat frustrasie laat opbou. Wat sal die res van 2026 vir ons inhou? Niemand het 'n kristalbal nie, maar ons kan verwag dat die uitdagings sal aanhou: Die plaaslike verkiesing sal die politieke landskap kan skud – 'n kans vir beter dienslewering en plaaslike stabiliteit, of verdere onsekerheid as dinge nie reg loop nie. Internasionaal bly die wêreld onrustig, met konflikte en handelsversteurings wat ons uitvoer en insetkoste kan raak.

***Selfs in hierdie donker dae, sien ons die veerkragtigheid wat Suid-Afrikaners kenmerk. In swaarkry tye staan ons mense op, help mekaar, deel wat julle het, en hou aan met ons daaglikse aktiwiteite met 'n deursettingsvermoë wat inspireer.***

Terwyl ons hierdie nuusbrief saamstel, is ons gedagtes by almal wat die afgelope tyd so hard deur die natuur en siektes getref is. Vloede het gemeenskappe in dele van ons land hard getref, huise weggespoel en lewens ontwrig. Enorme veldbrande het velde en bos in as verander, en droogte bly in te veel streke knaag aan die laaste bietjie vog en hoop. Hierdie rampe is nie net statistiek nie – dit is stories van mense wat alles verloor het, wat in die modder staan en probeer opstaan, of wat snags wakker lê en wonder hoe om deur alles te kom. Ons dra julle op in gebed.

Ons dink veral ook aan ons boere wat tans deur een van die moeilikste tydperke in dekades gaan. Die uitbreking van bek-en-klouseer het soos 'n storm deur veekuddes getrek – diere vrek, inkomste droog op, skuld stapel op, en die onsekerheid vreet aan liggame en gees. Baie boere en hul werkers staan letterlik met leë hande, terwyl hulle alles gee om hul diere en plase te beskerm. Dit is hartseer en onregverdig, en dit raak ons almal, want nie net is omgewingsomstandighede nie bevorderlik nie, maar is die onbeholpe staat deel van die probleem Ons dink ook aan die boere en bid vir uitkoms want julle stryd hou direk verband met die kos op ons tafels en die ekonomie van ons land.

Tog, selfs in hierdie donker dae, sien ons die veerkragtigheid wat Suid-Afrikaners kenmerk. In swaarkry tye staan ons mense op, help mekaar, deel wat julle het, en hou aan met ons daaglikse aktiwiteite met 'n deursettingsvermoë wat inspireer. Mag die komende maande vir julle 'n klein bietjie lig bring – of dit nou praktiese inligting, 'n woord van bemoediging, of bloot die wete is dat julle nie alleen is nie. Ons dink aan julle, ons bid vir julle, en ons staan saam met julle deur hierdie tyd. Laat ons mekaar ondersteun terwyl ons wag op beter dae en werk vir die verandering wat ons almal nodig het.

Boonop word ons almal blootgestel aan 'n politieke klimaat vol onsekerheid – plaaslik met swak dienslewering wat al hoe meer frustrasie en agteruitgang bring, en internasionaal met konflikte wat ekonomiese skokgolwe stuur en ons nie onaangeraak laat nie. Politici wat eerder partypolitiek speel as om oplossingsgedrewe in Suid-Afrika se belang te werk, maak die las nog swaarder, veral met die plaaslike regeringsverkiesing wat binnekort voorlê en wat 'n kans bied vir werklike verandering – of verdere onstabiliteit as dinge nie reg loop nie. Lees gerus ook die artikel in die nuusbrief wat verwys na die blaam van die verlede wat nie hoop bring vir die toekoms nie.

Dit is met hartseer dat ons ons lede moet inlig oor die

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Soeke na konsensus onder Afrikaners (verv)

heengaan van ons gewaardeerde oud-voorsitter, Prof Piérre Theron, en een van ons mees toegewyde organiseerders en oud-personeellede, Dries Herbst. Prof Piérre Theron is op 23 Desember 2025 oorlede en as voorsitter van die Afrikanerbond vanaf Oktober 2007 tot Februarie 2010 het hy ons deur uitdagende tye gelei met wysheid, kalmte en 'n diep begrip vir die stryd van Afrikaans. Br. Dries Herbst het ons op 8 Januarie 2026 ontval en as organiseerder en kollega was hy die een wat agter die skerms gewerk het om byeenkomste, veldtogte en ondersteuning te reël, veral in die Ruiterwag – altyd met 'n glimlag, 'n stewige handdruk en 'n bereidwilligheid om te help waar nodig. Ons eer hulle nagedagtenis deur voort te bou op die fondament wat hulle help lê het.

In hierdie nuusbrief is daar weer 'n verskeidenheid van menings oor 'n groot aantal aktuele sake. Lees gerus elke artikel en neem deel aan gesprekke hieroor. Ons is werklik opgewonde oor die aanstelling van 'n deeltydse sosiale media en veldtogbestuurder vanaf 1 Februarie 2026 by Die Eike. Charl Bloomberg is aangestel om te help om ons teenwoordigheid in die sosiale media te vestig en uit te brei.

Ons maak in die nuusbrief ook die toekennings bekend wat ons op 5 Maart 2026 aan waardige individue gaan oorhandig. Met die interaksie met die ontvangers was dit opmerklik hoe dankbaar mense is vir die erkenning. Ons koppel die trofee wat ons later bekendstel, sterk aan die Kameeldoring as simbool, met sy kenmerke: sy taaiheid in droë, harde omstandighede, sy beskermende dorings, sy wydgestrekte kroon en sy rol as lewensgewende skadu in die bosveld en veral die Kalahari. Hierdie trotse boom, die kameeldoring (*Vachellia erioloba*), staan as 'n lewende metafoor vir volharding en krag: 'n immergroen reus met diep wortels wat in die droogste, mees onherbergsame dele van ons land groei, met 'n wydgestrekte kroon wat koel skadu bied aan mens en dier, beskermende dorings wat dreigemente afweer, en wortels wat diep in die aarde dring vir vog selfs waar ander opgee. Soos die kameeldoring trotseer ons storms, droogtes en onsekerhede – net soos ware brugbouers wat skadu en skuiling bied vir die volgende geslag. Mag hulle voorbeeld ons almal inspireer om, soos die kameeldoring, stewig te staan en vrug te dra in die tye wat kom.

Vanjaar vier ons die Grondwet van die RSA van 1996 – (Wet 108 van 1996). Dit is die vrug van 'n pynlike maar hoopvolle oorgang – 30 jaar is 'n mylpaal wat ons moet herinner aan die visie van 'n verenigde, regverdige samelewing gegrond op menseregte, gelykheid en die beskerming van almal se waardigheid. Hierdie dokument bly een van die mees progressiewe ter wêreld, met sy sterk idees wat die wonde van die verlede wil heel en 'n toekoms bou waar niemand uitgesluit word nie. Ons moet altyd onthou dat ons aan die een kant moet kyk na die belofte wat die grondwet inhou en aan die ander kant die verbreking en nienakoming en ondermyning van die Grondwet deur die ANC gelei deur 'n ideologie wat verhewe staan bo die grondwet.

Tog is die ware toets nie in die woorde of die teks self nie, maar in hoe ons dit in 2026 interpreteer en uitvoer. Vir diégene wat die Grondwet gerieflik opsy skuif of ignoreer wanneer dit nie by hul eie agendas pas nie: die mislukking lê nie in die teks nie, maar in die swak interpretasie en die gebrek aan die moedige, konsekwente uitvoering daarvan. Laat ons eerder terugkeer na sy kern – om te bou, te beskerm en te verenig as Suid-Afrikaners – sodat hierdie 30-jarige erfenis nie net 'n dooie dokument is nie, maar 'n lewende kompas word vir ons almal.

Wat hou die jaar in. Kom ons fokus ook op die positiewe: 2026 bied beslis geleenthede vir groei – deur beter bestuur van siektes, sterker samewerking binne die politieke landskap, en 'n groeiende bewustheid dat die komende verkiesing en die uitslag werklik 'n verskil kan maak vir plaaslike gemeenskappe. Ons het al voorheen deur swaar tye gekom, en met dieselfde veerkragtigheid en eenheid kan ons hierdie jaar sterker uitkom.

Naskrif: Aksies waarna in 2026 uitgesien kan word is die volgende, naamlik;

- Verdere uitbou van die Eike as Sentrum vir Uitnemendheid vir die AB
- Groter eksplisiete uitdra van die AB as organisasie in die media
- Groter betrokkenheid
- Vergroting van ledetal
- Uitkoms van beplanning met Beleggingsbank oor welvaartskeppende been met die AB en sy lede as alleen aandeelhouers
- Belegging in Afrikaanse skole, universiteit en tegniese opleidingsinstansie
- Aangepaste Credo van die AB

Mag dit 'n jaar wees nie net van oorlewing nie, maar van vooruitgang en hoop vir ons almal. ❖

## BRUGBOU EN UITNEMENDE AFRIKANER TOEKENNINGS - 2026

***Die Afrikanerbond gee erkenning aan Brugbouers en Afrikaner Uitnemendheid***

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Die Afrikanerbond het gedurende 2025 ons lede en afdelings uitgenooi om waardige persone te nomineer vir die ***Brugbouer*** en ***Afrikaner Uitnemendheid*** toekennings. Hierdeur wil ons erkenning gee aan 'n individu, groep of instansie wat uitnemende bydraes lewer tot die bou van brûe tussen verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika sowel as diegene wat Afrikaner uitnemendheid bevorder.

Die Nasionale Raad het die nominasies oorweeg binne die aanvanklike gedagtes oor die aard van die toe

*(Vervolg op p4)*

## Brugbou en Afrikaner Uitnemendheid Toekennings - 2026 (verv)



***Dr Matthews Phosa is 'n Brugbouer.*** Dr Mathhews Phosa se liefde vir Afrikaans, poësie en sy leierskap het kulturele, taalkundige en historiese grense oorkom om 'n ruimte te skep waar Suid-Afrikaners mekaar kan ontmoet en verstaan. Deur hierdie toekenning aan hom te maak bevestig die Afrikanerbond ook sy verbintenis tot versoening, samewerking en die viering van uitnemende individue wat 'n gedeelde toekoms vir alle Suid-Afrikaners bou.



***Rassie Erasmus is 'n Brugbouer.*** Deur sy benadering as hoofafrigter van die Springbokke het hy 'n aktiewe rol gespeel in die bevordering van nasionale eenheid, veral deur sy strategiese leierskap wat die span se sukses gekoppel het aan breër sosiale doelwitte om historiese verdelings te oorskry, soos gesien in hoe die span se suksesse mense van verskillende rasse, tale en sosio-ekonomiese agtergronde verenig het rondom 'n gedeelde identiteit. Dit het bewys dat Suid-Afrika, ondanks uitdagings soos ongelykheid en korrupsie, 'n kultuur van wen en prestasie kan ondersteun.



***Dr Angelique Coetzee is 'n*** *Brugbouer.* In haar lang mediese loopbaan het sy 'n onuitwisbare impak gemaak op die bou van verhoudings tussen mense van verskillende agtergronde, kultuurgroepe en sosio-ekonomiese vlakke. Met meer as 30 jaar se toegewyde diens in primêre sorg, gesondheidsbestuur en beleid kon sy as 'n gereelde, kalm en feitelike stem in plaaslike en internasionale media, gedurende die COVID-19-pandemie spanning en waninligting help ontmagtig. Deur toeganklike gesondheidskommunikasie in beide Afrikaans en Engels, met 'n konsekwente nie-politiese fokus op gemeenskapswelstand, het sy versoening bevorder en vertroue opgebou.



***Leon Schuster is 'n Brugbouer.*** In sy lewenswerk as ikoniese Suid-Afrikaanse komediant, akteur en filmmaker, verdien hy ongetwyfeld die erkenning as 'n Afrikaner brugbouer wat deur sy films en werk verhoudings tussen verskillende gemeenskappe bevorder het. In 'n land met 'n geskiedenis van konflik het hy sy loopbaan gewy aan die skepping van lag en gedeelde vreugde, wat grense oorgesteek het en versoening, wedersydse begrip en eenheid bevorder het. Deur sy werk is ruimtes geskep waar gemeenskappe mekaar kon ontmoet en verstaan. Hy het die land laat lag om empatie te bou – nie deur ernstige debatte nie, maar deur situasies te skets wat almal se menslikheid beklemtoon.



***Lourensa Eckard is 'n Brugbouer.*** Deur haar loopbaan in ondersoekende joernalistiek en met die interaksie met gaste in die huidige program In Gesprek bevorder sy inklusiewe gesprekke wat kulturele identiteit nie isoleer nie, maar integreer met breër samelewingsdialoë. Sy is 'n rolmodel vir 'n jonger generasie deur te demonstreer hoe ons taal en kultuur kan floreer in 'n multikulturele konteks. Sy het dit deurgaans reggekry om dialoog te skep waar spanning bestaan. In 'n land soos Suid-Afrika, waar politieke- en kulturele verdeeldheid nog vars is, gebruik sy die program om brûe te bou, antwoorde te kry vir uitdagende probleme en balans te bring in kontroversiële kwessies



***Dr Danie Langner is 'n Afrikaner by Uitnemendheid.*** *Sy* bydraes op vele terreine en oor baie jare is in volkome ooreenstemming met die Afrikanerbond se doelwitte om uitnemendheid, leierskap en toewyding aan die Afrikanerbelang te vier. Sy lewenswyse getuig van uitsonderlike leierskap in kultuurerfenis en gemeenskapsontwikkeling, die bevordering van Afrikaneridentiteit en erfenisse gemeenskapsdiens en bemagtiging van jong Afrikaners. Op die wyse dien hy as 'n uitnemende rolmodel vir toekomstige geslagte, deur sy toekomsgerigte en intellektuele bydraes op vele terreine.

kennings. Ons het na oorweging besluit om die volgende toekennings te maak. ***(Verwys na die name op die bladsy)***

**Brugbou Toekennings:** *Na ons mening is 'n Brugbouer 'n individu, groep of instansie wat aktief werk om verhoudings en samewerking tussen verskillende gemeenskappe in Suid-Afrika te bevorder, met die doel om versoening, wedersydse begrip en eenheid te skep. In die konteks van Suid-Afrika se diverse en histories verdeelde samelewing, is 'n brugbouer iemand wat kulturele, taalkundige, sosiale of historiese grense oorkom deur dialoog, samewerking en wedersydse respek te bevorder. Hulle skep ruimtes waar gemeen-*

*(Vervolg op p5)*

## Brugbou en Afrikaner Uitnemendheid Toekennings - 2026  (verv)

*skappe mekaar kan ontmoet, verstaan en saamwerk aan 'n gedeelde toekoms, en beliggaam waardes soos empatie, oopheid en toewyding aan versoening.  Hierdie toekenning van die Afrikanerbond vier dus die toewyding aan versoening, samewerking en die bevordering van wedersydse respek en begrip in 'n diverse samelewing.*

**Afrikaner Uitnemendheid Toekenning**:  *Uitnemendheid verwys na die eienskap of toestand van voortreflikheid uitmuntendheid, voortreflikheid, of besondere kwaliteit. Dit beskryf iets of iemand wat bo die gemiddelde uitstyg in terme van etiese waardes, prestasie, vaardigheid, of waarde. Dit impliseer dikwels 'n hoë standaard van leierskap en word gebruik om lof of erkenning uit te druk.  Uitnemende Afrikaners is na ons mening Afrikaners of Afrikaner instansies wat deur hul prestasies, leierskap en toewyding die Afrikanerbelang bevorder. Die toekenning vier uitnemendheid in Afrikaner etiese waardes en ingesteldheid, kultuur, akademie, entrepreneurskap, intellektuele bydraes, gemeenskapsdiens en die uitlewing van Afrikanerwaardes. Hierdie toekenning van die Afrikanerbond is vir Afrikaners of Afrikaner instansies wat deur hul prestasies, leierskap en toewyding die Afrikanerbelang bevorder.*

Die Afrikanerbond sal die toekennings oorhandig aan die ontvangers by ŉ geleentheid in Johannesburg op 5 Maart 2026.  Die ontvangers het almal ingestem om op die wyse erkenning te kry en is dit vir die Afrikanerbond ŉ eer en voorreg om die ontvangers bekend te maak.

Daar is na ons mening deurgaans ŉ behoefte aan die bou van brûe tussen Suid-Afrikaners en ons Suid-Afrikaanse gemeenskappe en diversiteit. Baie werk word in die verband gedoen en hierdie individue het gewys dat hulle op verskeie terreine besig is met gesprekke oor en tussen kulture en gemeenskappe en die bou van noodsaaklike brûe. Ons wens die ontvangers van die toekennings graag geluk.

Dr Mathews Phosa sal na afloop van die toekennings kortliks sy sieninge gee oor Suid-Afrika in 2026 en wat die toekoms vir Suid-Afrikaners inhou.    ❖

---

## WIE GAAN BLAMEER WORD, AS ONS NIE MEER DAAR IS NIE?

**Deur Jan Bosman**
**Hoofsekretaris van die Afrikanerbond**

***"Die vloek van Suid-Afrika is om te wag op die toekoms, maar die verlede die skuld vir alles te gee."***

Op sy nou al bekende wysie tokkel pres. Ramaphosa Voort op die blaam van die verlede met die jaarlikse 8 Januarie verklaring van die ANC:
*"It took 347 years to destroy the future. The colonialists who came here, the apartheid regime destroyed the fortunes of this country by dispossessing the assets of our people, 347 years it took the country to come to the sad state it is. In 30 years we will not be able to reverse that history completely."*

Om die verlede te blameer is nie meer in die mode nie. Trouens die bekende refrein het al gelei tot 'n kommentator wat gesê het "South Africa's curse is waiting for the future whilst blaming the past."

Vir Ramaphosa om nou weer verantwoordelikheid te verskuif moet hy herinner word aan sy eie woorde tydens sy inhuldiging op 19 June 2024 en pas na die katastrofiese algemene verkiesing– vir hom en sy party – Toe het hy gesê *"Above all, the people of South Africa have stressed that they are impatient with political bickering and the endless blame game among politicians and political parties.  They want us to put their needs and aspirations first and they want us to work together for the sake of our country."* Voor die opmerking het hy  ŉ rits hedendaagse probleme gelys wat nogal ŉ erkenning was dat sy party en regering die verantwoordelikheid neem

Die ANC-regering se standaardreaksie op Suid-Afrika se talle krisisse – van hoë werkloosheid, kragkrisis en korrupsie tot agteruitgang in dienslewering en ekonomiese stagnasie – bly om alles en almal behalwe hulleself te blameer. Hulle wys vinger na die erfenis van apartheid, kolonialisme, wit monopoliekapitaal, globale faktore wat deesdae die VSA insluit, selfs opposisiepartye of buitelandse invloede, eerder as om volle verantwoordelikheid te neem vir meer as 30 jaar se bewind. Hierdie patroon van blaam verplasing en verskonings het 'n kultuur van ontkenning geskep, waar historiese onregte as ewige verskoning dien vir huidige mislukkings, terwyl konkrete oplossings en visie vir die toekoms dikwels ontbreek. Soos Nelson Mandela self gewaarsku het: "Blaming things on the past does not make them better."

***Hierdie patroon van blaam verplasing en verskonings het 'n kultuur van ontkenning geskep, waar historiese onregte as ewige verskoning dien vir huidige mislukkings, terwyl konkrete oplossings en visie vir die toekoms dikwels ontbreek***

In die Nasionale Party se voorlegging in Augustus 1996 aan die Waarheid en Versoeningskommssie sê die party dat sonder om apartheid te regverdig moet kennis geneem word van die volgende: *In May 1994 the Government of National Unity inherited a country with an excellent infrastructure and well-established financial, industrial, agricultural, mining and service sectors.  Between 1948 and 1993 South Africa's Gross Domestic Product increased by an average of 3,5% per annum in real terms. By 1994 South Africa was the only country in Africa with a fully developed modern sector.*

*(Vervolg op p6)*

## *Wie gaan blameer word as ons nie meer daar is nie? (verv)*

Dit is nie net 'n Nasionale Party siening nie. RW Johnson wat geen vriend van die NP was nie, skryf in 'n artikel in Rapport van 24 Oktober 2021: "*Vir die hele tydperk vanaf Uniewording tot 1994 is Suid-Afrika deur Afrikaners gelei. Daardie periode is gekenmerk deur enorme ekonomiese groei, die industrialisering en verstedeliking van die land, die bou van indrukwekkende infrastruktuur sonder enige gelyke in Afrika - nie net paaie en brûe en damme nie, maar hawens, lughawens en gesofistikeerde waterstelsels. Bowenal is duisende skole, hospitale en klinieke gebou en beman, sowel as 'n dosyn universiteite. By verre die grootste en beste geïntegreerde spoorstelsel in Afrika is gebou en onderhou, sowel as Afrika se leidende lugredery. Die land se behuisingsaanbod is geweldig uitgebrei - insluitend die bou van swart townships op 'n hoër standaard as wat in die HOP-era gesien is. Die hoogste vlakke van ekonomiese groei in Suid-Afrika is in die 1950's en 1960's gesien. Daardie periode het ook die vinniggroeiende uitbreiding van Afrika-onderwys gesien in hierdie land. Bygesê dit was om (ondergeskikte) Bantoe-onderrig te gee, maar 'n paar swart intellektuele het al verklaar Bantoe-onderwys was inderwaarheid beter as dit wat die meeste townships en informele nedersettings vandag ontvang. Gelyklopend met die land se vooruitstrewende industrialisasie was daar ook die grootste uitbreiding in Afrika in landbouproduksie met die ontwikkeling van gesofistikeerde plase en besproeiing, dalk met die uitsondering van wat te sien was in Zimbabwe. Die besonder indrukwekkende Eskom was verantwoordelik om krag vir al hierdie dinge te verskaf en het 'n groot surplus elektrisiteit teen die goedkoopste pryse in die wêreld gelewer.*"




Wie gaan julle blameer, as ons nie daar is nie? Dit is herhaaldelik bevestig dat die ANC 'n uitstaande infrastruktuur, 'n gevestigde ekonomie en 'n sterk staat oorgeneem het. Die vraag is nog steeds in 2026 hoekom dan die verlede blameer as julle die erflating op skrikwekkende wyse vernietig het deur verval en verrotting. Ons kan maar net na enkele statistieke verwys:

- Omstandighede dui daarop dat Suid-Afrika 'n **misdaadstaat** word. Ses van die 10 gevaarlikste stede in Afrika is in Suid-Afrika.
- In 'n onlangse Wêreldbank verslag word aangetoon dat misdaad sowat 10% van Suid-Afrika se BBP verminder. Deur misdaad is die verlies aan ons ekonomie sowat R700 miljard per jaar
- amptelike statistieke daarop dat die aantal aktiewe SAPD-lede van 193 297 in 2011 tot ongeveer 180 000 in 2023 gedaal het. Hierteenoor het die aantal privaat sekuriteitsbeamptes gegroei sowat 50 000 in 2001 tot 675 000 in 2024 met 15 113 geregistreerde private sekuriteitsondernemings teenoor die 8 144 van 2014.
- Sowat 32,9% van Suid-Afrikaners is werkloos maar die grootste bron van kommer is die jeugwerkloosheidsyfer van 59,6%.
- Uit 180 lande is Suid-Afrika in 2024 82e geplaas volgens Transparency International se korrupsiepersepsies-indeks.
- Op Ekonomiese terrein is daar beperkte ekonomiese groei en volgens Solidariteit is die BBP groei in 2024 gemiddeld 0,9%.
- Wat betref Suid-Afrika se aandeel van die wêreldekonomie was die aandeel 0,54% in 1994 met $153.5 miljard en hoewel dit tans op $400.3 miljard staan het die aandeel aan die wêreldekonomie met 31% na 0,37% geval , Hiervolgens was Suid-Afrika die onbetwiste ekonomiese kragbron van Afrika en het die land byna 28% van die vasteland se BBP uitgemaak.

Hierdie kan alles terugverwys word na ANC mislukkings sowel as die bevordering van eensydige, populistiese, onsinnige en ideologiese beleide wat Suid-Afrika se nasionale belange, ekonomie en stabiliteit bedreig. Dit alles het gelei tot die vlug van kapitaal en beleggings, en nypende vaardigheidstekorte wat al meer werkloosheid, armoede en ongelykheid veroorsaak. Dit is nie die verlede nie, dit is nie kolonialisme of die VSA se skuld nie.

Waarom dan die blaam verskuif? Dit is 'n kenmerk van die ANC wat geen verantwoordelikheid neem of enige aanspreeklikheid toewys aan individue nie en uiters selektief omgaan met die vervolging van geïmpliseerde politici. Prof William Gumede van Wits skryf in die Sunday Times van 1 Augustus 2021:

> *"The problem is that many black South Africans appear to look for scapegoats, blaming everyone else - apartheid, white monopoly capital, foreign Africans - for problems inflicted by corrupt, incompetent and uncaring fellow black leaders, government officials and business people. The tendency of many black voters to blame scapegoats for their problems essentially gives black leaders and the ANC a free pass to loot public resources, not deliver the public services they promised, and not to care about fellow blacks who voted them into power."*

Die verlede het ons gevorm, maar dit definieer ons nie. Suid-Afrika staan by 'n kruispad waar die verlede nie meer die antwoord kan wees nie – dit is die keuses vir die huidige tydsgewrig wat ons toekoms sal vorm. Dit vereis 'n regering wat met dringendheid optree vir die uitdagings van ons tyd, advies aanhoor en kundigheid aanwend en resultate lewer. Dit bring voorspoed en sukses. Dit verg veral 'n regering wat verantwoordelikheid neem vir foute en beleidsmislukkings.
Wie gaan blameer word, en wie gaan beskuldig word as ons nie meer hier is nie? ❖

## Plaaslike regeringsverkiesing - ’n Beslissende oomblik

### *Dr Carl Marx*
### *Mynbou en finansiële bestuursdeskundige Wes-Kaap*

Die meeste politici het reeds in die wegspringblokke gesak vir Suid-Afrika se 2026 Plaaslike Regeringsverkiesing. Hoewel verkiesingsiklusse ’n normale deel van ’n demokrasie is, is hierdie komende stemmery veel meer as roetine — dit is ’n kritieke keerpunt vir die toekoms van ons dorpe, stede en gemeenskappe.

Die feite vertel ’n duidelike storie. Plaaslike regering onder beheer van die ANC het die afgelope jare enorme uitdagings beleef, met korrupsie, wanbestuur en onbetroubare dienslewering wat openbare vertroue totaal afgebreek het. Die munisipale verkiesing van 2021 het gesien hoe die ANC se steun reeds tot 45,59% gedaal het, ’n bewys dat kiesers toe al ’n wye en diep verlange na verandering gehad het. Niks het verander waarop die ANC kan roem vir meer stemme nou nie.

***Plaaslike regering onder beheer van die ANC het die afgelope jare enorme uitdagings beleef, met korrupsie, wanbestuur en onbetroubare dienslewering wat openbare vertroue totaal afgebreek het.***

Dit is duidelik dat die 2026-verkiesing 'n keerpunt sal wees in Suid Afrikaanse politiek. Dit gaan stukrag gee aan pogings van die gemiddelde kieser om munisipaliteite terug te neem vir die mense. Dit gaan die jaar vir aanspreeklikheid, diensbaarheid en tasbare verandering wees.

Elke Suid-Afrikaner het ’n direkte belang hierby, want die uitslag sal ons almal se lewensgehalte raak, ongeag beroep of agtergrond. Funksionele munisipaliteite vorm die fondament van ons gedeelde toekoms.

- Vir jongmense en studente is dit letterlik hul toekoms wat op die stembrief staan, aangesien plaaslike regerings werksgeleenthede, openbare ruimtes en die gemeenskappe vorm waarin hulle hul lewens gaan bou.
- Vir gesinne en huiseienaars bepaal dit hoe betroubaar die dienste is waarop hulle daagliks staatmaak, soos water, elektrisiteit, vullisverwydering en veilige paaie.
- Vir plaaslike entrepreneurs en professionele mense bepaal dit die ekonomiese landskap, van infrastruktuur en rompslomp tot plaaslike beleggings en verbruikersvertroue.
- Vir gemeenskapsleiers en aktiviste is dit die mees direkte manier om voorspraak te omskep in werklike, plaaslike verandering en aanspreeklikheid.

Hierdie oomblik vra vir ingeligte, kollektiewe optrede. Dit styg bo party-politiek uit en raak die kern van die kontrak tussen burgers en die staat. Met ’n kiesersopkoms van slegs 58,61% tydens die 2024 Nasionale en Provinsiale Verkiesings, lê daar enorme krag in ons gesamentlike stem wat steeds onderbenut word. Die pad vorentoe vereis dat ons onsself deeglik inlig deur verder as opskrifte te kyk en eerlik te kyk na die toestand van ons eie munisipaliteite en die konkrete planne wat kandidate het om dit te herstel. Dit vereis dat ons registreer en deelneem, want jou stem ís al wettige manier wat jy het om veranderinge teweeg te bring, en as jy stemgeregtig is maar nog nie geregistreer is nie, behoort dit ’n prioriteit vir jou te wees. Dit beteken ook om doelgerig te stem en jou stem te gebruik om skoon regering, etiese leierskap en ’n onwrikbare fokus op dienslewering te eis.

Die pad na ’n sterker Suid-Afrika loop deur ons wyke, ons dorpe en ons metropole. Laat ons 2026 benader nie as passiewe toeskouers nie, maar as aktiewe deelnemers wat die volgende hoofstuk van ons plaaslike demokrasie help vorm.

Watter plaaslike kwessie is vir jou die belangrikste om in 2026 aangespreek te sien?

*#SuidAfrika2026 #PlaaslikeRegeringsverkiesing #ElkeStemTel #JeugStem #Gemeenskapsaksie #Dienslewering #BurgerlikePlig #ToekomsSA*

---

## *Plaaslike regering en Gemeenskapsontwikkeling*

### *Deur Nico Stofberg*
### *Lid van die Nasionale Raad (Wes-Kaap)*

Die Nasionale Raad van die Afrikanerbond het tydens die laaste raadsvergadering besluit om 'n strategie van die Wes-Kaap in beginsel te steun. Die strategie het die bedoeling om AB lede te motiveer tot aktiewe deelname aan gemeenskapsontwikkeling.

Hierdie advies is daarop gemik om buite politieke strukture, informele of formele gemeenskapsforums te stig in elke dorp of stad. Die Wes-Kaap beveel by sy lede en afdelings aan om die geleentheid in 2026 aan te gryp en aktief 'n rol in eie gemeenskappe te speel om harmonie te fasiliteer buite partypolitieke strukture.

Die komende plaaslike owerheidsverkiesings bied 'n uitsonderlike geleentheid om alle partye om die tafel te kry en saam te beplan aan 'n nuwe môre vir hul dorp ongeag groep en of gemeenskap.

Hieronder volg meer riglyne waarop u gerus kommentaar en insette kan lewer. U kan gerus ook die riglyne in u eie gebied toepas en aanpas volgens u eie omstandighede.

*(Vervolg op p8)*

***'n Toekomsvisie en – Strategie vir die AB in die Wes-Kaap***

**Inleiding:**
Die AB in die Wes-Kaap aanvaar dat die Provinsie een van die sterkste groeipunte in die Republiek van Suid Afrika is. Dié werklikheid bied uitsonderlike uitdagings en enorme geleenthede wat deur die AB in die Wes-Kaap aangegryp en met kreatiwiteit in geleenthede vir al die inwoners van die Provinsie omskep kan word.

Hierdie geleenthede wat op alle terreine van die samelewing bestaan, verg skeppende breinkrag om ten beste benut te word. Sodanige breinkrag, so glo ons, is nie beperk tot slegs AB Lede nie, maar moet indien moontlik vanuit die kundigheid en energie van elke deelgroep in die gemeenskap ontgin word tot voordeel van die hele samelewing.

In die lig van hierdie stellings glo ons dat die leuse vir hierdie projek iets moet wees soos:
***"Ontsluit kreatiewe denke en bou 'n nuwe môre vir almal"***
Die kreatiewe denke sal daarin bestaan dat die geleenthede wat ons glo opgesluit is in die werklikhede van ons gemeenskappe wanneer dit geïdentifiseer is, in die spreekwoordelike kookpot gegooi en tot 'n keurige "Potjiekos" vermeng word, waarin al die kleure en geure tot hul reg kom. 'n Gemeenskapsmaaltyd dus wat elkeen saam kan geniet.




***Visie:***
Die AB besluit om in die WES-KAAP 'n strategie te loods om in elke gemeenskap die inisiatief te neem om 'n gespreksforum te vestig bestaande uit alle gemeenskapsleiers met as doel die normalisering van daardie gemeenskappe deur kreatiewe oplossings vir elke dorp en of gebied.

***Missie*:**
Die AB moet die inisiatief neem om in elke dorp, stad en of streek die gemeenskapsleiers uit te nooi om 'n gespreksforum te vorm waar die gemeenskap se behoeftes, probleme en oplossings bespreek kan word in die soeke na 'n gemeenskaplike harmonie van die gemeenskap.

Dit is die bedoeling dat hierdie forum gereeld sal saamkom in formele sowel as informele formaat. Die forum moet die basis vorm waarin:

- Gemeenskappe mekaar kan leer ken;
- Gemeenskappe mekaar kan leer verstaan;
- Gemeenskappe mekaar leer vertrou;
- Gemeenskappe mekaar se behoeftes kan begryp;
- Gemeenskappe saam nuwe horisonne kan skep.

***Doelstellings:***
Ten einde hierdie Visie en Missie te verwerklik, is dit nodig om spesifieke doelstellings te formuleer waaruit dan spesifieke doelwitte geformuleer moet word wat ons as organisasie en/of as Gemeenskapsforum wil bereik.

Hierdie doelstellings word gesien as:
1) Die optimale ontwikkeling van elke gemeenskap en groep in die gemeenskap deur gestruktureerde ontwikkelingsprogramme;
2) Die ontwikkeling van gemeenskapsbyeenkomste waartydens groepe hul kultuur aan die ander groepe kan bekendstel [soos Musiek, Danse, Speletjies, Kos/Geregte ens.]
3) Die uitbou van Afrikaans deur erkenning te gee aan "Taalkampioene" wat op skool skeppende werk lewer soos bv. skryf/dig/sang en andere;
4) Die organiseer van "Multi-kultuur Aande" in alle gemeenskappe
5) Die ondersteuning van die skoolgemeenskappe deur as spreekbuis vir die hele gemeenskap aktief betrokke te raak by aktiwiteite van die skool;
6) Die ontwikkeling van gemeenskapsdienste op alle terreine met die oog op 'n gesonde en gelukkige gemeenskap;
7) Die herontwikkeling van gemeenskappe, strukture en fasiliteite.

Lede en afdelings word genooi om die onderstaande aanvullende dokumente af te laai en toe te pas in eie omstandighede. U is welkom om met Nico Stofberg direk te kontak indien u meer agtergrond wil hê.

Doelwitte en projekte – Deel 1 – Skakel
Doelwitte en projekte – Deel 2 – Skakel
Mylpale en proses – Skakel

---

## *Model vir suksesvolle munisipale vernuwing*

### *Deur Pieter Vorster*
### Voormalige voorsitter van die Nasionale Raad

'n Jaar gelede het 'n beduidende groep rolspelers byeengekom en ***The Civil Society Consortium for Municipal Renewal*** gevestig en die voorstel hieronder opgestel. Ek deel graag die samevatting en die inhoudsopgawe van die volledige plan wat tans slegs in

*(Vervolg op p9)*

## *Plaaslike regering en verkiesing - grondvlak inisiatiewe (verv)*

Engels beskikbaar is. Belangstellendes is welkom om my te kontak.

***Voorstel vir samewerking om veerkragtige, veilige, demokratiese en verantwoordbare munisipaliteite in Suid-Afrika op te bou***

*Inhoudsopgawe:*

*Uitvoerende opsomming*
*Voorwoord*
*Die probleem-situasie in Suid-Afrika*
*Doelstellings en mikpunt van hierdie voorgestelde vernuwingsproses*
*Teorie en praktyk van die opbou van organisatoriese veerkragtigheid*
*Burgerlike samelewings-konsortium vir munisipale vernuwing*
*Gekose loodsterreine gekies, beoordeling en inisieering van die bou van vermoëns*
- *bestuur/belangegroepe betrokkenheid en belyning*
- *munisipale wykbetrokkenheid*

*Die skaling van die kritiese massa tot 30 van 257 munisipaliteite*
*Die skaling van die kritiese massa om huidige munisipaliteite te betrek*
*Verwysings en praktisyn-hulpbronne*
*Tydlyn*
*Nie-onderhandelbare sisteemtoestande vir suksesvolle opbou van organisasie-veerkragtigheid*
*Aanhangsels*
*i) Eksterne dinamika in die toekomstige omgewing*
*ii) Stigting van burgerlike samelewing-konsortium vir munisipale vernuwing*
*iii)voorgestelde aanvanklike begroting*

Samevatting van die voorstel vir samewerking om veerkragtige, veilige, demokratiese en verantwoordbare munisipaliteite in Suid-Afrika op te bou

Die doel van hierdie voorstel is om 'n gekose kritiese massa van 30 munisipaliteite te beplan en te betrek, met prioriteit wat verleen word aan metropole en distrikte uit die 257 munisipaliteite. Die keusebepaling van ten minste twee loodsterrein-munisipaliteite en die verkryging van saadfinansiering, asook 'n roetebepaling na interne finansiering binne munisipaliteite sal volg. Daarna 'n aanduiding van finansiering vir skaling om die geïdentifiseerde 30 van die 257 munisipaliteite te bereik.

Die voorgestelde benadering bestaan daaruit om die munisipale bestuur te betrek en te belyn met sleutelbelangegroepe in die gemeenskappe rondom munisipaliteite. Terselfdertyd word wyke gemobiliseer met geteikende ingrypings om eienaarskap en belyning met spesifieke munisipale strategiese prioriteite te skep.

Ten einde 'n gevoel van dringendheid te skep waarmee vernuwing gedryf kan word, is die fokus van munisipale vernuwing die bou van munisipale veerkragtigheid en daardeur nasionale veerkragtigheid ten einde 'n aantal ontwrigtende faktore direk aan te spreek wat munisipaliteite en Suid-Afrika tans konfronteer. 'n Paar voorbeelde is die massiewe instroming van mense na stedelike sentra, stygende werkloosheid, baie hoë kriminele aktiwiteite, digitale transformasie, outonome, bestuurderlose voertuie en Kunsmatige Intelligensie.

Hierdie voorstelle moet saamgelees word met 'n aantal sleutel praktiese -hulpbronne en verwysings, wat spesifiek ontwikkel is om die bou van veerkragtige munisipaliteite moontlik te maak. Hierdie voorstel skets 'n tweesydige benadering tot vernuwing: versterking van munisipale bestuur en belangegroep-betrokkenheid, langs gemeenskapsvlak-betrokkenheid en bemagtiging op wyksvlak.

**Betrokkenheid van munisipale bestuur en sleutelbelangegroepe:**

Fase I van die model vir suksesvolle munisipale vernuwing bestaan uit 'n inklusiewe, gespreksgedrewe proses om 'n gedeelde visie (ook genoem Gewenste Resultate) onder alle belangegroepe op te bou. Terselfdertyd word daar eerlik en realisties gebly oor die *Huidige Realiteit*, wat die identifisering van maksimum-hefboom strategiese prioriteite, binne die huidige realiteit moontlik maak.

***Hierdie voorstel skets 'n tweesydige benadering tot vernuwing: versterking van munisipale bestuur en belangegroep-betrokkenheid, langs gemeenskapsvlak-betrokkenheid en bemagtiging op wyksvlak.***

Die proses identifiseer en prioritiseer ook kragte in terme van relatiewe impak en relatiewe onsekerheid, met betrekking tot hul impak op prioriteite en planne. Die formulering van robuuste aksieplanne en verantwoording vir hul uitvoering, en 'n eerste hersieningsdatum, voltooi die strategiese gesprek.

Die driedaagse werkswinkel word voorafgegaan deur voorbereidingswerk wat besinning oor sleuteldimensies moontlik maak en die uitkomste van hierdie besinnings tydens die werkswinkel dan saamvoeg. Hierdie aanvanklike werkswinkel vorm die basis vir die ontwikkeling van organisasie-infrastruktuur vir volhoubare vernuwing in die vorm van 'n Strategie-Betrokkenheidsforum (Strategy Engagement Forum SEF), waar 'n goedgekeurde roetekaart vir vernuwing saam met 'n tydlyn per loodsingsterrein die ontwikkeling van organisasie-veerkragtigheid lei. 'n Soortgelyke proses sal vir elke munisipaliteit gevolg word wanneer dit geskaal word na die teiken munisipaliteite.

Die doelwitstelling en hersiening uit hierdie aanvanklike werkswinkel vorm ook die basis van 'n prestasiebestuurskontrak wat 'n persoonlike ontwikkelingsverpligting insluit om vermoë op te bou.

*(Vervolg op p10)*

## Plaaslike regering en verkiesing - grondvlak inisiatiewe (verv)

**Wykbetrokkenheid**
Wyksbetrokkenheid sluit gemeenskapsbetrokkenheid in by beplanning en die neem van verantwoordelikheid vir die skep van die begeerde toekoms deur die ontwikkeling van eienaarskap onder lede van die wyk en gemeenskap, gevolg deur deeglike aksiebeplanning.
Bogenoemde voorstel kan gemeenskappe op alle vlakke bemagtig.

Om 'n volhoubare plan op te stel en uit te voer, word toegewyde en bekwame leiers uit die burgerlike samelewing benodig.

Afrikaners was nog altyd veerkragtig. Dít en al sy ander eienskappe maak van hom 'n baie belangrike rolspeler om ons land en sy mense te red.
HELP asseblief. ❖

---

## ONTKENNING EN 'N GEBREK AAN AANSPREEKLIKHEID OP DIE HOOGSTE POLITIEKE VLAK

***Deur Genl. Roland de Vries***

***Op 23 Julie 2025 is die polisieminister Senzo Mchunu uit sy amp geskors en is daar tans verskillende ondersoeke waarby hy geïmpliseer word. Twee maande voor sy skorsing en die beskuldigings en aantygings teen verskeie senior SAP lede, het Genl. Roland de Vries die volgende skrywe op 25 Mei 2025 aan die minister gerig. Die minister mag dalk geskors wees maar die omstandighede in die skrywe is onveranderd indien nie méér relevant in 2026 nie. Met die instemming van Genl. Roland de Vries is die brief uit Engels vertaal en plaas ons dit graag.***

Neem asseblief kennis van die volgende aangeleenthede waaraan u regeringsleiers dringend aandag moet skenk. My boodskap aan u handel oor ons mense se veiligheid en ons land se behoud en vooruitgang vir toekomstige geslagte – vir ons kinders en hulle kinders.

> ***Die punt is dat ons land se mense, goeie mense, oral goedsmoeds deur gewetenlose misdadigers afgemaai word, in ons landelike sowel as ons stedelike gebiede.***

Grondwetlik en moreel is u tog aanspreeklik vir die veiligheid van ons geliefde Suid-Afrika se wetsgehoorsame en vredeliewende mense, nie waar nie? Gemeet aan die resultate van ons land se polisiëring- en misdaadstatistiek oor die afgelope 30 jaar bestaan daar geen twyfel in my gemoed dat die ANC-regering jammerlik misluk het op die gebied van goeie regering nie. Wanneer u politieke party binnekort tot 'n val kom, sal dit deur sy eie toedoen wees.

Nóg u party, nóg die EFF was goed vir ons land en sy mense. Die EFF se boosaardige, waansinnige krete van haat en roepe vir die slagting van onskuldige mense ken geen einde nie! Die EFF kan nie langer toegelaat word om ongestraf so voort te gaan nie! Wie moet aanspreeklik gehou word vir hulle walglike aansporing van terreur in Suid-Afrika, Minister? Gedurende al die jare van hul bestaan was daar nie 'n enkele positiewe, nie-verwoestende uitkoms uit hul voortdurende revolusionêre agitasie nie.

Laat ons vir 'n oomblik stilstaan en bestek opneem. Voor die 1994-verkiesing het die meeste van Suid-Afrika se mense KODESA se verrigtinge met verwondering dopgehou in die hoop dat almal in die toekoms in harmonie sou saamwerk binne 'n florerende demokrasie; die ontstaan van iets groots waarop Afrika en die wêreld trots kon wees! Dog was die ink skaars droog op die KODESA-ooreenkomste toe die ANC terugstaan en toekyk hoe rassistiese jakkalse soos die EFF en andere ons met leuens, beledigings en dreigemente van volksmoord bestook, terwyl ons land rondom ons in anargie verval het.

Onthou maar net, Minister, waar verantwoordelikheid, regverdigheid en dialoog te goeder trou eindig, begin groot konflik.

Dit was vir my besonder teleurstellend toe ek u onlangse mediaverklaring lees waarin u openlik verklaar dat "die meeste slagoffers van plaasmoorde histories swart was" en waarin u bewerings van 'n wit volksmoord of regeringsgesanksioneerde grondgrype ontken (Home/LNN News Content/Police Minister; 23 Mei 2024). Kyk na die telbord, Minister, en nie na u misleidende statistiek en gebruiklike politieke retoriek nie! Dit dien geen doel om oor statistiek te debatteer nie. Dit is nie waaroor dit gaan nie, Minister van Polisie. Die punt is dat ons land se mense, goeie mense, oral goedsmoeds deur gewetenlose misdadigers afgemaai word, in ons landelike sowel as ons stedelike gebiede.

Mag ek u 'n direkte vraag vra, Minister: Waarom los u nie die probleem op nie, eerder as om dit te ontken en voortdurend verskonings te maak oor die haglike situasie waarin een en almal ons bevind? Wees gewaarsku, Minister, die ongekende misdaadsituasie, wat verder deur die wanbestuur van ons land aangeblaas word, hou gevare vir gesag en stabiliteit in wat die perke van normale wetstoepassing ver oorskry. Kriminele en ander destabiliserende aktiwiteite sluit misdadigheid, rebellie, opstand deur onwettige immigrante, xenofobie, terrorisme, en die aanwending van buitengewone ondermynende metodes in. Die onhoudbare situasie waarin ons ons bevind, kan beskryf word as wydverspreide wetteloosheid, gekombineer met politieke ondermyning, ekonomiese uitbuiting van ons mense en die onophoudelike viktimisering van 'n getraumatiseerde samelewing, wat onverskilligheid onder talle mense veroorsaak.

Kom ons neem byvoorbeeld die Kaapse Vlakte, Minister – tussen hakies, dit is u Gaza. Op die Kaapse Vlakte voer talle georganiseerde misdaadbendes 'n terreurbewind en woed daar daagliks hewige territoriale

*(Vervolg op p11)*

## *Ontkenning en 'n gebrek aan aanspreeklikheid op die hoogste politieke vlak (verv)*

gevegte. In die laaste paar maande moes ons mense in die Wes-Kaap honderde skietvoorvalle verduur terwyl aggressiewe intimidasie in die stryd om grondgebied voortduur.

Wie het die inisiatief as dit kom by die misdadige aanslag wat die soewereiniteit van ons land bedreig, Minister … u en u politieke makkers en statutêre instellings … of die misdadigers? Hoe gaan u beheer neem van die ondraaglike misdaadsituasie in ons land en dit omkeer, Minister?

Terloops, die polisie se landelike misdaadvoorkomingstrategie is 'n mite, Minister. Dit werk nie! Wie moet ons aanspreeklik hou vir die slagveld waarin Suid-Afrika se landelike gebiede ontaard het, Minister? Wie gaan verantwoordelikheid neem en die geweldenaars se skrikbewind teen die goeie mense van Suid-Afrika stopsit – vandag nog, nie môre nie?!

Wat 'n droewige dag is dit nie as mens moet toesien hoedat oproerige konflik, suiwer misdadigheid en politieke wangedrag wortelskiet in ellende regoor Suid-Afrika weens armoede, honger en werkloosheid … en soos gewoonlik volg daar vrees en lyding.

***Die enigste magsbasis wat ons oor het, is gesetel in die toewyding van gewone mense wat saamwerk vir die herstel van ons wonderlike land, en wat hul sorgsame kennis, vaardighede en ywer na vore bring*.**

Waar het al ons leiers heen verdwyn? Ware leiers wat omgee vir die mense en nie net hul eie rykdom en welstand najaag nie? Ons mense is platgeslaan, Minister. Hulle is goeie mense wat omgee vir mekaar, Minister, wat Suid-Afrika tot groot hoogtes sal verhef as hulle die geleentheid gegun word.

Erken asseblief, Minister, dat die talle opstande wat daagliks in ons land plaasvind op opregte griewe van die bevolking gegrond is: 'n Staat kom selde in opstand sonder dat sy regeerders te blameer is. Daar kan dus aangevoer word dat 'n verdienstelike en eerlike regering hom oor sy burgers sal ontferm, goeie regering sal nastreef, en sy mense se begrip en ondersteuning op 'n verdienstelike wyse sal verwerf.

En ja, ons word steeds deur die regering se nuwerwetse rasgebaseerde wette en voortgesette politieke onbetaamlikheid gekniehalter, terwyl die onwilligheid voortduur om aanspreeklikheid as verantwoordelike en sorgsame leiers te aanvaar. Dit, Minister, is wat natuurlike groei en ontwikkeling en nasiebou lamlê.

Verder word voorspel dat onwettige grondgrype van sowel staats- as private eiendom sal toeneem. Dit is te wyte aan die bedreiging wat geskep word deur die regering se onoordeelkundige wetgewing oor – en verheerliking van! – onteiening sonder vergoeding, wat onvermydelik die revolusionêre konfliksituasie in Suid-Afrika sal aanwakker. Dit beteken dat geweldsmisdaad in die afsienbare toekoms vertikaal (dit wil sê, in intensiteit) asook horisontaal (dit wil sê, geografies) sal eskaleer.

Laat ons eerlik wees: weens 'n mislukte staat kan ons nie meer op die tradisionele magsbasisse (politiek, ekonomies, sosiaal, veiligheid, tegnologies, geestelik en regspleging) staatmaak om gewone mense se veiligheid te verseker en vir hul welstand en Suid-Afrika se vooruitgang te sorg nie … Gewone vredeliewende mense moet nou op hulself staatmaak … Die enigste magsbasis wat ons oor het, is gesetel in die toewyding van gewone mense wat saamwerk vir die herstel van ons wonderlike land, en wat hul sorgsame kennis, vaardighede en ywer na vore bring. Selfbehoud lê nou in die wete dat ons alles onder leiding van ons Hemelse Vader doen!

Doen iets aan hierdie onhoudbare situasie, Minister — dit is u werk! Om hierdie rede stel ek die volgende uitdaging aan u en u politieke medewerkers, deur aan te haal uit die geskrifte van Sun Tzu uit die *Kuns van Oorlog*:

> *"Met diepgaande kennis van beginsels kan 'n mens onrus in orde verander, gevaar in veiligheid verander, vernietiging in oorlewing verander, rampspoed in voorspoed verander, en take tot grootse vervulling bring."* — Sun Tzu

Die genesing van ons land kan slegs in noue samewerking met ons Hemelse Vader geskied, wanneer ons mense veilig is, verhoudinge geharmoniseer word, en ekonomiese groei behaal word. Hierdie ideaal sluit die beveiliging van alle wetsgehoorsame, vredeliewende burgers se lewensbestaan en veiligheid in, asook sekerheid aangaande die lewering van noodsaaklike dienste en kommoditeite, en voldoende voedselbronne. Gemeenskappe moet daarom saamstaan vir geregtigheid en sterk wees in geloof! Ons het 'n sterk en morele regering nodig om dit te verwesenlik!

Tyd vir besluitneming! Aanvaar aanspreeklikheid! Vir ons mense! Waarheid, morele vryheid en geloof oorwin alles!

Mag ons Hemelse Vader ons mense beskerm en diegene in leierskapsposisies help om Suid-Afrika op deugsame wyse te lei en te regeer, en met liefde en sorg na ons mense om te sien! ❖

---

## WES-KAAP GELEENTHEID - DAGBOEK DIE DATUM - 14 MAART 2026

Lede in die Wes-Kaap kan gerus die datum aanteken. Vrugtefees byeenkoms te Malmesbury. Die oggendbyeenkoms vind plaas op Saterdag 14 Maart 2026 by Meerhof Wynplaas te Riebeeck Kasteel. Die gasspreker is dr Theo de Jager. ❖

# HET FW DE KLERK OORGEGEE? 'N STRATEGIESE ANTWOORD AAN KRITICI

***Deur Johan Mostert***

*Die onderstaande artikel het op 25 Januarie 2026 in Rapport verskyn. Met die instemming van Johan Mostert en met volle erkenning aan Rapport plaas ons graag die onveranderde artikel.*

*'n Hardnekkige Mite in Debatte*

Daar heers steeds 'n hardnekkige aanname dat FW de Klerk op 2 Februarie 1990 "oorgegee" het – hetsy aan die ANC, die SAKP, of aan 'n sogenaamde internasionale liberale komplot. Hierdie narratief word dikwels emosioneel gestel, moreel gelaai, en histories vereenvoudig. Dit is verstaanbaar: dit bied 'n maklike verklaring vir verlies, vernedering en ontworteling.

Maar vanuit 'n veiligheids- en intelligensieperspektief is hierdie voorstelling fundamenteel gebrekkig. De Klerk het nie oorgegee ná 'n nederlaag nie. Hy het opgetree toe dit duidelik geword het dat apartheid self die primêre bedreiging vir die voortbestaan van die Suid-Afrikaanse staat geword het.

*Wat "Oorgawe" Regtig Beteken*

In strategiese terme beteken oorgawe dat 'n staat sy vermoë verloor het om geweld aan te wend of orde te handhaaf: militêre nederlaag, ineenstorting van bevelstrukture, of totale administratiewe verlamming. Geen van hierdie toestande het in 1989–1990 gegeld nie.

Die SA Weermag was steeds konvensioneel dominant in Suider-Afrika. MK was militêr nie in staat om die staat omver te werp nie. Die sogenaamde Frontliniestate het geen realistiese vermoë gehad om 'n beslissende militêre oplossing af te dwing nie. Binne die land het die noodtoestand dit steeds moontlik gemaak om onrus met geweld te onderdruk – ten minste vir 'n tyd.

As De Klerk bloot wou "vasbyt", was dit tegnies moontlik. Die werklike vraag was egter nie of die staat nog geweld kon gebruik nie, maar teen watter prys, en vir hoe lank?

*Die Werklike Nederlaag: Verlies aan Legitimiteit*

Die kern van die krisis was nie militêr nie, maar polities. Teen die laat tagtigerjare het apartheid sy legitimiteit verloor – binnelands én buitelands.

Binne swart gemeenskappe het die staat nie meer as wettig of moreel gesaghebbend gegeld nie. Massaweerstand, nie gewapende stryd nie, het Suid-Afrika toenemend onregeerbaar gemaak. Hierdie weerstand was nie beperk tot ideologiese revolusionêres nie; dit het 'n breë, samelewingswye verwerping van apartheid weerspieël.

Internasionaal was Suid-Afrika geïsoleer tot op die been. Daar was nie 'n enkele invloedryke Westerse besluitnemer wat apartheid openlik verdedig het nie. Selfs simpatieke regerings het ondubbelsinnig gestel dat enige voortgesette ondersteuning afhanklik was van fundamentele politieke verandering.

'n Staat kan oorleef ná militêre terugslae. Hy oorleef selde wanneer hy sy legitimiteit verloor.

*Die Misverstand van die "Kommunistiese Oorname"*

In Afrikaanse kringe word die "oorgee"-narratief dikwels gekoppel aan die idee dat Suid-Afrika voor 'n suiwer kommunistiese aanslag geswig het. Hierdie siening ignoreer die intelligensie-analise van die tyd.
Ja, die ANC–SAKP-alliansie het 'n revolusionêre agenda gehad. Maar intelligensie-waarderings het bevind dat kommunisme nie die worteloorsaak van die krisis was nie. Apartheid self – sy uitsluiting, sy ekonomiese vervormings en sy morele onhoudbaarheid – was die kernprobleem.


Die anti-apartheidsfront was ideologies uiters uiteenlopend: kerke, sakelui, vakbonde, liberale akademici, Westerse regerings en burgerlike organisasies. Baie van hulle was uitgesproke anti-kommunisties. Wat kommuniste en anti-kommuniste verenig het, was nie Marxistiese ideologie nie, maar die oortuiging dat apartheid moes eindig.

Om hierdie samevloeiing as 'n Kremlin-komplot af te maak, is analities onhoudbaar.

*'n Strategiese Keuse, Nie Kapitulasie nie*

De Klerk se besluit was dus nie emosioneel of naïef nie, maar berekend. Intelligensie-evaluerings het gewys dat die kombinasie van massaweerstand, ekonomiese verswakking en internasionale isolasie 'n onvolhoubare veiligheidsituasie geskep het.

Suid-Afrika het uiteindelik sewe internasionale krisisse in die gesig gestaar:
*"die krisis van **moraliteit**, want ons politieke standpunte is as immoreel verwerp;*
*die krisis van **legitimiteit**, want ons regering is al hoe meer beskou as 'n onwettige bewind van 'n minderheid oor 'n meerderheid;*
*die krisis van **geloofwaardigheid**, want ons politieke integriteit is bevraagteken;*
*die krisis van **sekuriteit**;*
*die krisis van **verwerping**, isolasie en sanksies;*
*die krisis van **bemoeiing met ons sake**; en*
*die krisis van **krimpende opsies**"*
*FW De Klerk, 1991*



*(Vervolg op p13)*

## *Het FW De Klerk oorgegee? 'n Strategiese antwoord aan kritici (verv)*

Deur vroeg op te tree, het De Klerk daarin geslaag om 'n dreigende ineenstorting om te skakel na 'n onderhandelingsproses waarin staatsinstellings voortbestaan het. Dit is 'n kritiese onderskeid wat dikwels misgekyk word.

Suid-Afrika het nie in 'n volle burgeroorlog verval nie – nie omdat die onvermydelike vermy is nie, maar omdat politieke ingryping betyds plaasgevind het.

*Die Rol van Afrikaanse Instellings en Denkers*
'n Verdere ongemaklike waarheid vir Afrikaanse kritici is dat weerstand teen apartheid nie net van buite gekom het nie. Dit het ook gegroei binne Afrikaanse geledere: akademici, skrywers, joernaliste, sakelui en jongmense het toenemend apartheid bevraagteken.

Die Nasionale Party se magsbasis het geërodeer lank voordat 1990 aangebreek het. Die keuse was nie meer tussen "oorwinning" en "onderhandeling" nie, maar tussen 'n beheerde oorgang en 'n chaotiese ineenstorting.

*Slot: Mag Verloor of die Staat Red?*
Om 2 Februarie 1990 as 'n oorgawe te beskryf, is om die aard van staatsmag verkeerd te verstaan. De Klerk het nie 'n oorlog verloor nie; hy het besluit om een te voorkom. Wat hy wel oorgegee het, is dit wat Suid-Afrika onvermydelik oor die afgrond sou laat stort, naamlik apartheid.

Die NP-regering het sy vermoë verloor om apartheid wettig en volhoubaar te handhaaf. Maar deur dit betyds te laat vaar, het dit bygedra tot die behoud van die staat self.

Vir kritici is dit 'n pynlike gevolgtrekking. Maar strategies gesien was dit nie swakheid nie. Dit was 'n rasionele erkenning van werklikheid – en die enigste pad wat Suid-Afrika van 'n veel bloediger einde gespaar het.

*Lees die artikel aanlyn in Rapport*

- *Johan Mostert is 'n voormalige Sekretaris van die Staatsveiligheidsraad en senior bestuurslid van die Nasionale Intelligensiediens* ❖

---

## DIE GEVOLGE VAN 30 JAAR SE ANC BELEID

**Dr Carl Marx**
***Mynbou en finansiële bestuur deskundige Wes-Kaap***

Tydens die ANC se 114de bestaansviering in Januarie 2026 het president Ramaphosa openlik erken dat die herstel van die skade wat hy aan "kolonialisme en apartheid" toeskryf, 'n geslagte lange proses is en nie iets wat oornag reggestel kan word nie. Hy het gesê:

"Die proses om ons land te transformeer sou nooit 'n een-dag-gebeurtenis wees nie. Dit sou altyd 'n geslagtelange proses wees."

My reaksie: Gaan lees gerus al die inhuldigingstoesprake sedert 1994 – dit is dieselfde draaiboek, net ander presidente.

***In 1990 het Suid-Afrika 605 ton goud per jaar geproduseer en was ons die wêreld se nommer 1 goudprodusent. Teen 2024 het dié syfer tot slegs 99 ton per jaar gedaal, wat die land tot nommer 9 wêreldwyd laat afsak het.***

Hy het selfs vandag se diensleweringsmislukkings, soos slaggate en verbrokkelende infrastruktuur – wat duidelik veroorsaak word deur huidige ANC-beleid soos kaderontplooiing – probeer koppel aan koloniale en apartheidstelsels. Dit is nou vergesog en onoortuigend.

Om die omvang van die sogenaamde skade te beklemtoon, het hy Suid-Afrikaners daaraan herinner dat dit 347 jaar geneem het vir kolonialisme en apartheid om Suid Afrika te vernietig. Wat hy egter vergeet het om te noem, is dat hoewel Nederlandse setlaars reeds in 1652 aan die Kaap was, die eerste aangetekende kontak met naburige swart Afrikavolke, soos die Xhosa, eers meer as 'n eeu later – in die 1770's – plaasgevind het.

Dit klink amper asof ons president nie die geskiedenis van Suid-Afrika behoorlik ken nie, of dalk is sy wiskunde net so sleg dat hy nie die berekening kan doen nie.

Maar ek is oortuig daarvan dat hy nie weet wat "gebroke" beteken nie.

Hier is 'n paar harde feite oor 30 jaar van ANC-leierskap in Suid-Afrika met betrekking tot ons my bou industrie:

In 1990 het Suid-Afrika 605 ton goud per jaar geproduseer en was ons die wêreld se nommer 1 goudprodusent. Teen 2024 het dié syfer tot slegs 99 ton per jaar gedaal, wat die land tot nommer 9 wêreldwyd laat afsak het.

Hierdie afname het niks te doen met 'n tekort aan goud om te myn nie. Volgens die Amerikaanse Geologiese Opname (U.S. Geological Survey) se 2024-data beskik Suid-Afrika steeds oor ongeveer 5 000 metrieke ton ongemyn, ekonomies lewensvatbare goudreserwes.

Dit is dus duidelik dat die skerp daling in goudproduksie nie te wyte is aan 'n gebrek aan goudreserwes nie. Mynboukundiges stem grootliks saam dat dit hoofsaaklik toegeskryf kan word aan ANC-beleid, soos onrealistiese arbeidswette, sterk anti-Westerse retoriek wat buitelandse beleggers verjaag, en kaderontplooiing wat 'n massiewe breinvlug veroorsaak het.

*(Vervolg op p14)*

## *Die gevolge van 30 jaar se ANC beleid (verv)*

Die ANC en mnr. Ramaphosa mag dalk dink dat dit alles onbelangrik is en dat hulle slegs op die werkers fokus.

Kom ons kyk dan na die werksyfers wat direk verband hou met die implementering van ANC-beleid en hoe dit die mynbou getref het.

Die netto gevolg van 30 jaar ANC-bewind is dat 17,7 miljoen Suid-Afrikaanse werkers hul afhanklikheid van salarisse uit die mynbedryf verloor het.

Die feite is soos volg:
In 1990 het die Suid-Afrikaanse mynbedryf ongeveer 750 000 voltydse werknemers gehad. Met 'n vermenigvuldiger van 2,9 het dit beteken dat die bedryf direk en indirek ongeveer 2,925 miljoen mense in werk gehou het. Met 'n gemiddelde van 8 afhanklikes per werknemer was sowat 23,4 miljoen mense in 1990 finansieel afhanklik van die mynbedryf.

Vergelyk dit met 2024 na 30 jaar van ANC bewind:
In 2024 het die mynbedryf ongeveer 475 000 voltydse werknemers gehad. Met 'n verminderde vermenigvuldiger van 1,5 – as gevolg van die afname in plaaslike produksie wat direk aan ANC-beleid gekoppel is – beteken dit dat die bedryf direk en indirek slegs sowat 713 000 mense in werk hou. Met dieselfde gemiddelde van 8 afhanklikes per werknemer is dit tans net ongeveer 7,5 miljoen mense wat finansieel op die mynbedryf kan staatmaak.

Dit bewys onder andere dat die afgelope 30 jaar hoofsaaklik uit leë beloftes bestaan het.

Elke verkiesing word werk, behuising, dienslewering en ekonomiese groei belowe. Tog sê dieselfde ANC-leierskap nou dat transformasie 'n lang, geslagtelange proses is. Dit is oneerlik en dit is 'n soeke na verskonings vir 'n mislukte beleid. Niemand kan 'n blink toekoms "binnekort" belowe terwyl daar erken word dat die probleem eeue sal neem om op te los nie.

Ramaphosa se eie woorde is 'n erkenning van mislukking. Dit bevestig wat baie reeds voel:
Die ANC beleid is nie ontwerp om werklike, betekenisvolle verandering vir gewone mense te lewer nie. In plaas daarvan word kiesers nou gevra om geduldig te wees, terwyl werkloosheid, armoede en swak dienslewering aanhou toeneem.

Hierdie is 'n wekroep.
*Hou op om op wonderwerke van die ANC te hoop, hulle kan dit nie gee nie.*
*Hou op om ANC slagspreuke te glo.*
*Begin om te eis dat werklike veranderinge op voetsoolvlak kom.*
*Moenie wag nie. Tree nou op.*
*Moet beslis nie weer die ANC glo nie.* ❖

---

## ONTEIENING - 'n REGSANALITIESE BESKOUING

***Deur Wynand Fourie***
***Voorsitter: Afrikanerbond Gauteng-Noord***


**Abstrak**
Hierdie artikel ondersoek die regsontwikkeling rondom eiendomsreg en sogenaamde onteiening sonder vergoeding in Suid-Afrika sedert 1994. Daar word aangevoer dat onteiening nie slegs as 'n enkel, formele owerheidsdaad gesien moet word nie, maar ook as 'n proses van progressiewe afwatering van eiendomsregte. Die artikel analiseer sleutelwetgewing, relevante regspraak en internasionale regsbeginsels. Die doel is om 'n regsanalitiese raamwerk te bied waarbinne die huidige debat op nugtere en juridies verdedigbare wyse gevoer kan word.





**1. Inleiding**
Die debat rondom onteiening sonder vergoeding word dikwels gevoer op politieke en ideologiese vlak, met min aandag aan die regsontwikkeling sedert 1994. Hierdie artikel poog om, vanuit 'n regsanalitiese perspektief, aan te toon dat onteiening sonder vergoeding reeds oor 'n verlengde tydperk plaasgevind het, nie noodwendig deur openlike onteiening nie, maar deur die progressiewe afwatering van eiendomsregte.

**2. Eiendomsreg en die konsep van *bare dominium***
In die Romeins-Hollandse reg verwys *bare dominium* na blote eienaarskap sonder die volle bevoegdhede van *usus* (gebruik) en *fructus* (vrugte). Eiendomsreg in Suid-Afrika word tradisioneel verstaan as 'n bundel van regte, insluitend gebruik, genot en vervreemding.

Sedert 1994 word hierdie bundel regte stelselmatig afgewater deur wetgewing wat, hoewel dit nie altyd as onteiening bestempel word nie, die substansie van eiendomsreg wesenlik aantas. Die gevolg is dat grondeienaars in toenemende mate al minder regte het en in sekere gevalle slegs die *bare dominium* behou.

**3. Minerale regte en die Minerale en Petroleum Hulpbronne Ontwikkelingswet Wet 28 van 2002 (MPRDA)**
In *Agri South Africa v Minister for Minerals and Energy 2013 (4) SA 1 (CC)* het die Konstitusionele Hof bevind dat die MPRDA nie onteiening is nie, maar eerder 'n regulerende maatreël is en derhalwe was die staat nie verplig om vergoeding te betaal nie. Nieteenstaande hierdie bevinding, het die Hof erken dat bestaande minerale regte uitgewis is en vervang is met 'n nuwe staatsbeheerde stelsel. Vanuit 'n regsrealistiese perspektief bly die vraag of die verlies aan substansiële

*(Vervolg op p15)*

## Onteiening - 'n Regsanalitiese beskouing (verv)

regte sonder vergoeding nie tog funksioneel as onteiening beskryf behoort te word nie.

Die inwerkingtreding van die Minerale en Petroleum hulbronne Ontwikkelingswet, Wet 28 van 2002 het private minerale- en petroleumregte afgeskaf en hierdie regte in die staat gesetel as bewaarder namens die nasie. Geen vergoeding is betaal aan vorige regshouers nie.

Ten spyte van die wetgewer se terminologie, voldoen hierdie proses in wese aan die kenmerke van onteiening in die openbare belang, en dien dit as 'n duidelike voorbeeld van onteiening sonder vergoeding.

**4. Waterregte en die Nasionale Waterwet 36 of 1998**

Die Konstitusionele Hof het in *Mazibuko v City of Johannesburg 2010 (4) SA 1 (CC)* bevestig dat water 'n openbare hulpbron is wat deur die staat gereguleer word. Hoewel die saak primêr oor sosio-ekonomiese regte handel, bevestig dit terselfdertyd die beginsel dat historiese gebruiksregte nie meer as eiendomsreg erken word nie, maar as herroepbare administratiewe toestemmings.

Die Nasionale Waterwet 36 of 1998 het historiese waterregte, wat aan grondbesit gekoppel was, vervang met 'n lisensiëringstelsel onder staatsbeheer. Watergebruik is derhalwe nie meer 'n inherente komponent van eiendomsreg nie, maar 'n herroepbare administratiewe vergunning.

Hierdie verandering het verreikende implikasies vir grondgebruik en landbou, en versterk die argument dat eiendomsreg in water nie afgeskaf is nie, maar administratief ontneem is.

**5. Munisipale grensuitbreidings en fiskale las**

Die uitbreiding van munisipale grense na landelike gebiede het tot gevolg gehad dat plase onderhewig geraak het aan munisipale belastings en heffings, sonder korrelatiewe dienslewering soos paaie, water en elektrisiteitsvoorsiening. Hierdie fiskale las plaas 'n beperking op die ekonomiese benutting van grond en raak direk aan die reg op eiendom.

**6. Bewonings- en gebruiksregte ingevolge grondhervormingswetgewing**

Wetgewing soos die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfsreg Wet 62 van 1997 en verwante wetgewing soos die Land Hof Wet, Wet 6 van 2023 het bewoningsen gebruiksregte aan sogenaamde voorheen benadeelde persone toegeken. Hoewel die doelwitte van hierdie wetgewing grondwetlik verdedigbaar is, is die praktiese uitwerking'n verdere beperking op die eienaar se eksklusiewe beheer en gebruik van eiendom.

*Teen hierdie agtergrond toon die ontleding dat eiendomsreg sedert 1994 nie deur 'n enkele daad nie, maar deur verskeie aksies en wetgewing verswak en afgewater is.*

Regtens gesproke is eiendomsreg sonder eksklusiwiteit 'n afgewaterde vorm van eiendomsreg.

**7. Slotopmerkings**

Die Konstitusionele Hof het reeds in *First National Bank of SA Ltd t/a Wesbank v Commissioner, SARS 2002 (4) SA 768 (CC)* bevestig dat eiendomsreg 'n wesenlike grondwetlike waarborg is en dat inmenging daarmee substansieel en proporsioneel beoordeel moet word. Teen hierdie agtergrond toon die ontleding dat eiendomsreg sedert 1994 nie deur 'n enkele daad nie, maar deur verskeie aksies en wetgewing verswak en afgewater is.

Die stelling dat onteiening sonder vergoeding nog nie plaasgevind het nie, of op groot mate plaasgevind het nie, berus op 'n eng begrip van onteiening. 'n Regsanalitiese beoordeling toon dat eiendomsreg sedert 1994 progressief en stelselmatig afgewater is.

- *Wynand Fourie is 'n prokureur van Pretoria* ❖

## ONS BUITELANDSE VERLEENTHEDE EN SKANDELIKE VRIENDE

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Ons buitelandse beleid kom onbeholpe, ondeurdag en ideologies gedrewe voor en dit baat Suid-Afrika niks. Dit is die pasafgelope week weer duidelik gedemonstreer.

In 'n waarskynlik ondeurdagte maar drastiese optrede het Suid-Afrika op Vrydag 30 Januarie die saakgelastigde van Israel, Ariel Seidman, 72 uur kennis gegee om die land te verlaat aangesien hy tot ongewenste persoon verklaar is. Kort daarna het die Israel regering besluit om Shaun Byneveldt, Suid-Afrikaanse ambassadeur in Palestina, 72 uur gegee om Israel te verlaat. Reeds in 2023 het Suid-Afrika sy ambassadeur uit Israel onttrek.

Minder bekend is dat die ANC op dieselfde dag opnuut 'n verklaring van solidariteit met Kuba uitgereik het na 'n Uitvoerende Bevel deur Donald Trump wat gedreig het met 'n totale blokkade van alle brandstofvoorrade na Kuba. In bekende taal veroordeel die ANC die maatreël as 'n direkte aanval op die Kubaanse volk, 'n voortsetting van dekades van doelbewuste ekonomiese sabotasie.

'n Paar dae vroeër sê Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC dat daar "'n koue oorlog" is tussen Suid-Afrika en Amerika, en die VSA daarvan beskuldig "dat ons land aangeval en geïsoleer, word". Die ANC en sy meelopers gaan op 21 Maart 'n massa-optog lei om hulle ongelukkigheid met die VSA te ken-

*(Vervolg op p16)*

## Ons buitelandse verleenthede en skandelike vriende (verv)

ne te gee.

Suid-Afrika se buitelandse beleid is tans 'n groot verleentheid vir die land, en dit skep ernstige teenstrydighede wat ons internasionale reputasie en ekonomiese belange benadeel. Die ANC-geleide regering se keuses toon duidelike dubbele standaarde, waar sekere menseregteskendings fel gekritiseer word, terwyl ander met stilswye of selfs ondersteuning begroet word.

In ons onlangse geskiedenis het die regering herhaaldelik buite stemming gebly of lande nie veroordeel as dit kom by die ANC se sogenaamde vriende nie. Voorbeelde hiervan is legio.

- Suid-Afrika het Israel by die Internasionale Strafhof (ICJ) gedaag vir beweerde volksmoord in Gaza, en President Cyril Ramaphosa het dit as 'n "beginselsaak" beskryf, met sterk veroordeling van burgerlike sterftes, veral vroue en kinders.
- In Januarie 2026 het Suid-Afrika buite stemming gebly by die VN se Menseregteraad se spesiale sitting oor Iran se gewelddadige onderdrukking van betogings (wat sedert einde Desember 2025 duisende lewens geëis het, insluitend massa-arrestasies en summiere teregstelling van betogers). Pleks van direkte veroordeling, het die regering gevra vir "ondersoek na oorsake" en "restraint en dialogue" – 'n sagte benadering wat kontrasteer met die skerp taal teen Israel.
- Dieselfde patroon geld vir Rusland se inval in Oekraïne: Suid-Afrika het buite stemming gebly met VN-resolusies wat die inval en annekserings gekritiseer het, en daar was selfs woede oor die moontlike vervolging van Poetin by die ICC (tot selfs oproepe vanuit die ANC om Suid-Afrika se deelname by die hof op te skort).
- Historiese: In 2005 het Suid-Afrika geweier om Zimbabwe se menseregteskendings by die Menseregteraad te bespreek; in 2014 bly Suid-Afrika buite stemming oor Noord-Korea; en soortgelyke stilswye oor Sirië, Burundi en Myanmar.

Hierdie selektiewe morele verontwaardiging versterk die persepsie dat Suid-Afrika se "onverbonde" beleid nie werklik neutraal of beginselvas is nie, maar eerder deur historiese alliansies (soos met Iran, Rusland, Kuba en China) en anti-Westerse sentiment gedryf word.

Hierdie morele alliansies het al gelei tot skade, soos die verlies van AGOA-voordele, spanning met die VSA (insluitend kritiek op bande met Iran en militêre oefeninge saam met Rusland/China/Iran), en selfs Trump-era maatreëls soos uitvoerbeperkings of direkte kritiek op Suid-Afrika se posisie ten opsigte van sekere aangeleenthede.




Die opposisie, veral die DA en VF Plus (as deel van die Regering van Nasionale Eenheid), is skerp krities hieroor. Die DA noem dit "politiek selektief en hipokrities", met verwysings na hoe die ANC sy eie partybelange bo nasionale belange stel. Die DA het byvoorbeeld geëis dat Iran by die VN Menseregteraad gerapporteer word, en gekritiseer die regering se nouer militêre bande met Rusland en Iran.

Die RNE se Verklaring van Voorneme (Junie 2024) stel juis die volgende met betrekking tot buitelandse beleid:

> *"Baseer buitelandse beleid op menseregte; konstitusionalisme; die nasionale belang; solidariteit; en die vreedsame oplossing van konflikte, ter verwesenliking van die Afrika Agenda 2063; Suid-Suid-, Noord-Suid- en Afrika-samewerking; multilateralisme; en 'n regverdige, vreedsame en billike wêreld."*

In Maart 2025 herbevestig die ANC sy vertolking van buitelandse beleid in 'n mediaverklaring en dui dit daarop dat buitelandse beleid meer van dieselfde is en dat dit die benadering was wat gevolg het op die verleentheid van die Suid-Afrikaanse Regeringsafvaardiging in Washington.

> *" The African National Congress (ANC) reaffirms its steadfast commitment to a foreign policy that serves the people of South Africa and advances a more just, peaceful, equitable and inclusive world. As the governing party, the ANC views international relations as a strategic lever to advance the national democratic revolution, stimulate inclusive economic development, deepen solidarity with oppressed people, and build a better Africa and a better world.*

> *"Our foreign policy is grounded in the pillars of Pan-Africanism, anti-imperialism, international solidarity, respect for international law and human rights, non-alignment, multilateralism, and the peaceful resolution of conflict. We reject neo-colonialism, unilateralism, and all forms of domination that undermines the sovereignty and dignity of all nations."*
> *"These principles are operationalised through the ANC's five strategic pillars: building a better Africa and world; party-to-party and multilateral relations; transformation of global governance; policy development; and global solidarity campaigns."*

https://www.anc1912.org.za/anc-reaffirms-its-progressive-internationalism-in-service-of-south-africas-developmental-agenda

*(Vervolg op p17)*

## *Ons buitelandse verleenthede en skandelike vriende (verv)*

Reeds in Maart 2025 het die Demokratiese Alliansie na aanleiding van die spanning tussen Amerika en Suid-Afrika, versoek vir 'n formele hersiening van buitelandse beleid op kabinetsvlak. Dit sluit in die aanvaarding van 'n konsensusgebaseerde benadering tot die aanstelling van ambassadeurs. Die DA het toe al gepleit dat die ANC nie buitelandse beleid op hul eie kan bepaal sonder om hul vennote in die regering te raadpleeg nie.

Die DA het die versoek baseer op Artikel 231 (1) van die Grondwet wat dit duidelik stel dat die onderhandeling en ondertekening van alle internasionale ooreenkomste die verantwoordelikheid van die Nasionale Uitvoerende Gesag is, met ander woorde – die veelpartykabinet, wat ingestel en gereguleer word ingevolge die Regering van Nasionale Eenheid se stigtingsverklaring van voorneme.

Dr Corné Mulder van die VryheidsFront het op 21 Januarie 2026 gesê Die ANC kan nie voortgaan om Suid-Afrika en sy mense oor ‘n ekonomiese en morele afgrond te sleep met sy gevaarlike en uittartende buitelandse beleid nie. Die tyd het aangebreek dat vennote in die regering van nasionale eenheid (RNE) hul rug styf maak daaroor.

Die VF Plus gaan pres. Cyril Ramaphosa daarom skriftelik versoek om ‘n dringende gesprek te voer oor Suid-Afrika se buitelandse beleid en sal daarna ook uitreik na ander partye in die regering om deel te word van die gesprek. Dr Mulder is korrek as hy sê – “Die lys van Suid-Afrika se vriende lees inderdaad soos ‘n “Lys van Skande”. Vriendskappe met outokrate word gestel bo menseregte en strategiese alliansies met die Weste.”

Ons buitelandse beleid is inderdaad ŉ lys van skande. Suid-Afrika, wat histories enorme morele hoë grond gehad het as ŉ post-apartheid-demokrasie, het dit weggegooi deur ondeurdagte beleid en ideologiese alliansies wat die land ekonomies en diplomaties duur te staan kom.

Suid-Afrika kan nie voorgaan met die idee van ŉ gewaande morele hoëgrond terwyl die verkrummelde fondasies ons belange ondermyn nie. Daarom moet ons meer pragmaties dink. Die RNE het die geleentheid gebied om buitelandse beleid te herkalibreer: weg van outomatiese anti-Westerse posisies, na 'n gebalanseerde benadering wat menseregte konsekwent toepas, korrupsie en swak bestuur veroordeel, en ekonomiese diplomasie prioritiseer (veral die hervatting van bande met die VSA, gegewe ons afhanklikheid van Westerse handel en belegging). Dit beteken duidelike standpunte en optrede in ons land teen korrupsie, vir goeie bestuur, en beleidsonsekerheid (bv. onteiening).

Suid-Afrika se buitelandse beleid is tans 'n verleentheid vol dubbele standaarde. Die opposisie se oproepe tot herkalibrasie is reg – ons moet pragmaties word, nasionale belang vooropstel en ophou om morele kapitaal te verkwis. Buitelandse beleid moet nou deur nasionale belang gedryf word – ekonomiese groei, werkskepping en toegang tot Westerse markte – eerder as lukraak ideologiese lojaliteite aan outokratiese vriende uit die struggle-era met ŉ bedenklike toepassing van menseregte. ❖

---

## BRIEF AAN MANTASHE - WAAROM SOVEEL ANDER DIE SEB SKEMA VERAFSKU

***Deur Gerhard Papenfus,***
***Uitvoerende hoof van NEASA***

Hierdie Ope brief is op 21 Januarie in Maroela Media gepubliseer. Met die vergunning van Gerhard Papenfus en met erkenning aan Maroela Media plaas ons dit graag.

Geagte minister Mantashe Gedurende ŉ onlangse televisie-onderhoud het u die verregaande bewering gemaak dat sekere politieke partye (wat terloops ŉ sterk “wit” politieke basis het), en gevolglik die ondersteuners van hierdie partye, swart ekonomiese bemagtiging “haat”.

Minister, wat ook al u veronderstelde redes vir wit mense se – en ek haal aan –“haat” vir swart ekonomiese bemagtiging (SEB) is, u is bloot verkeerd. Ons haat nie die ekonomiese bemagtiging van enige ras nie, maar ons verafsku beslis die rasgebaseerde SEB-skema. Dit is nie net omdat wit mense ernstig daardeur benadeel word nie, maar ook omdat die inherente tekortkominge daarvan alle rasse negatief raak. Trouens, die hele bevolking en die ekonomie.

Behalwe vir die polities gekonnekteerde, “bevoorregte” enkelinge wat skouspelagtig deur hierdie skema verryk word – daardie “tenderpreneurs” wat hul siele opgeoffer het ter wille van vinnige, alhoewel korttermyn rykdom – word die res benadeel; “Suid-Afrika Bpk.” word verarm tot voordeel van ŉ paar gulsige individue.

Diegene wat egter nou deur hierdie skema bevoordeel word, sal uiteindelik die grootste verloorders wees. Niemand ontsnap die uiteindelike gevolge vandeelname aan oneerlike aktiwiteite nie, en SEB is inherent ŉ bedrieglike vorm van handel.

Enigiemand wat vinnige rykdom verkry en “geld maak” sonder om werklik te weet hoe om “werklike waarde” uit “niks” te skep nie, sal uiteindelik deur die beduidende gevolge daarvan in die gesig gestaar word. Ware entrepreneurskap behels die identifisering en vervulling van ŉ behoefte binne ŉ spesifieke omgewing, terwyl ŉ mens jouself onderwerp aan die persoonlike opofferings van harde werk, volharding, geduld, en die vermoë om terugslae te oorkom en deur finansiële ontbering – selfs bankrotskap in sommige gevalle – te weerstaan. Dit is die kenmerke van ŉ ware entrepre-

*(Vervolg op p18)*

## Brief aan Mantashe - waarom soveel ander die SEB-skema verafsku (verv)

neur, 'n *bona fide*-skepper van welvaart.

Die onmiddellike straf van "SEB-sukses" is onsekerheid, 'n diep gewortelde ontevredenheid, 'n besef dat jy nie jou rykdom deur harde werk verdien het nie, dat jy geen waarde toegevoeg het nie en dat jy uiteindelik uitgevang sal word. Dit is waarom die bevoordeeldes van die skema ten prooi val van buitensporige gierigheid, met 'n steeds toenemende vrees dat wanneer die dag van verrekening kom, wat hulle ook al bymekaargemaak het, nie genoeg sal wees om hulle te beskerm teen die gevolge daarvan om op 'n inherent oneerlike wyse ryk te word nie.

Daardie SEB-bevoordeeldes aan wie aandele in besighede geskenk word – nie deur harde werk nie, maar as gevolg van politieke dwang waar maatskappye forseer word om aan afpersing toe te gee vir die voorreg om toegelaat te word om aan die hoofstroom ekonomie deel te neem – ervaar die teleurstelling wanneer hulle besef dat hul aandeelhouding niksseggend is, en dat dit geen vervulling teweegbring nie. Dit mag dalk onmiddellike materiële voordele bied, dikwels op skouspelagtige wyses, maar dit gaan gepaard met geen warebevrediging nie. Dit is waarom aandele wat op hierdie wyse verkry is, nie lojaliteit en die begeerte om waarde toe te voeg kweek nie. Vir enige maatskappy is dit 'n massiewe las wat voortdurende uitdagings teweeg bring, wat altyd teen 'n groot finansiële koste geskied.




Aandeelhouding, soos dit in SEB-wetgewing voorsien word, bring nooit die persoonlike vervulling van ware eienaarskap mee wat deur harde werk en opoffering verdien word nie. Dit is leeg en laat die SEB-bevoordeelde dus met niks anders as 'n voortdurende najaag van materialistiese gewin nie.

Die SEB-model verbreek elke reël van volhoubare welvaartskepping. Nêrens anders, nie in enige sakehandboek of erkende suksesvolle sakemodel, sal enigiets gevind word wat selfs vaagweg ooreenstem met hierdie model vanverryking nie.

Sedert die ontstaan van die skema is honderde miljarde, indien nie triljoene nie, in programme gepomp om individue in rekordtyd tot die status van sogenaamde entrepreneurs en industrialiste te verhef, terwyl alle natuurlike prosesse wat normaalweg sukses voorafgaan, omseil is. In die meeste gevalle was dit bloot vrugtelose en verkwistende besteding. Die "SEB-tenderpreneurs" wat oorleef, ten spyte van die skending van sakebeginsels, slaag slegs daarin omdat hulle voortdurend finansieel aan die lewe gehou word. Die totale koste vir die ekonomie hieraan verbonde beloop triljoene.

Die hoogste koste vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is egter die feit dat SEB-bevoordeeldes die rigtingbepalers is wat aanleiding gegee het vir die vestigingvan 'n kultuur om jouself nie uit armoede uit te werk nie, maar om jouself uit armoede en selfs tot boaan die voedselketting te bedrieg. Hulle het 'n voorbeeld gestel wat die blywende, suksesvolle kombinasie van harde werk, geduld en 'n matige lewenstyl verkleineer. Dit het gelei tot die skepping van 'n bevolking wat daarna streef om vinnig rykdom te bekom deur op die suksesgolf van ander te ry, sonder enige bereidwilligheid om hoegenaamd opofferings daarvoor te maak.

Die koste van die verlies aan 'n geloofwaardige sakekultuur oortref by verre die monetêre verliese wat as gevolg van die SEB-skema gely is. Hierdie mentaliteit het 'n bevolking besoedel en, in die proses, Suid-Afrika baie jare teruggesit. Dit sal vir Suid-Afrika moeilik wees om hiervan te herstel.

Vir baie het die drang na vinnige rykdom so oorweldigend geword dat dit aanleiding gegee het tot misdaad. Maar SEB op sigself is 'n misdaad – 'n vorm van afpersing, 'n vorm van onteiening sonder vergoeding – wat neerkom op diefstal.

By diegene wat die skouspelagtige rykdom verkry het wat deur die SEB-skema gefasiliteer is, het arrogansie in plaas van skaamte die oorhand gekry. Hul arrogansie is egter misplaas en sal van korte duur wees. Hierdie SEB-bevoordeeldes het niks bygedra nie en niks gebou nie. In plaas daarvan het hul aksies aanleiding gegee tot die grootste diefstal in die geskiedenis en gevolglik die land verarm. Soos 'n parasiet suig hulle bloot die lewensbloed uit iemand anders se bestaande prestasies, of dit nou iemand anders se besigheid is of die belasting wat gehef word op die swaarverdiende geld van eerlikehardwerkende *bona fide* sake-eienaars.

Daar gaan egter 'n dag kom wanneer 'n kommersiële "waarheidskommissie" die inherente skynheiligheid van die onregmatig verkrygde SEB-winste sal blootlê. Indien so 'n kommissie egter nie ingestel word nie, sal die samelewing dit in elk geval uitpluis. Diegene wat nou in hul rykdom verdrink, sal dan tot die besef kom dat hulle hul kastele slegs op sand gebou het.

Minister, u fouteer wanneer u sê dat "*enigiemand wat vandag 'n debat oor SEB begin, wit oorheersing bevorder*". Wit mense koester nie meer 'n begeerte na wit oorheersing nie. Ons verafsku egter die nuwe soort

*(Vervolg op p19)*

## Brief aan Mantashe - waarom soveel ander die SEB-skema verafsku (verv)

valse oorheersing bloot omdat ons dit sien vir wat dit is – 'n valse herverdelingskema wat mettertyd gaan misluk, maar wat die land intussen saam in die afgrond insleep.

Ons sal nie ophou om dit te ontbloot vir wat dit is nie. **Lees die brief aanlyn**❖

## FEDSAS IN EERSTE BELA TOETSSAAK

**FEDSAS ondersteun Noordwes-skoolbeheerliggaam met eerste BELA-toetssaak**

Die omstrede taal- en toelatingsklousules van die BELA-wet gaan eersdaags in die hof getoets word.
Dit volg nadat die Noordwes-onderwysdepartement gedurende die Desember-skoolvakansie verlede jaar ongeveer 80 leerders by die Swartruggens Gekombineerde Skool geplaas het sonder enige vooraf-konsultasie soos voorgeskryf deur die gewysigde Skolewet en met geen bykomende hulpbronne aan die skool nie. Die skool is op 12 Januarie vanjaar hiervan ingelig – slegs twee dae voordat die nuwe skooljaar begin het.

"Die ironie is dat die skool, die beheerliggaam en die provinsiale onderwysdepartement reeds vir die grootste gedeelte van verlede jaar formeel in gesprek was oor oplossings om wel die toelating van bykomende leerders moontlik te maak," sê dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van die skoolbeheerliggaam-organisasie FEDSAS.

FEDSAS ondersteun die skoolbeheerliggaam met 'n dringende hofaansoek waarin die hof versoek word om die provinsiale onderwysdepartement te verplig om sy grondwetlike en statutêre verpligtinge na te kom voordat die skool 'n proses kan begin om bykomende leerders by die skool toe te laat.

Die taal- en toelatingsklousules van die BELA-wet het die afgelope jare verreweg die meeste kritiek gelok. Die klousules maak dit egter duidelik dat hierdie bevoegdheid by 'n skool se beheerliggaam berus. "FEDSAS het dit van die begin af duidelik gemaak dat magsmisbruik deur onderwysamptenare of inmenging deur politici nie geduld sal word nie. In hierdie geval was die Noordwes-onderwyshoof se optrede nie binne die perke van wettige administratiewe gesag nie."

Die skool en die skoolbeheerliggaam is ten gunste van die toelating van bykomende leerders maar slegs indien die nodige hulpbronne, insluitend infrastruktuur en bykomende poste, beskikbaar gestel word en die voorgeskrewe konsultasieprosesse ingevolge die gewysigde Skolewet nagekom word.

"Die skool het reeds sy goedgekeurde kapasiteit bereik. Verdere toelatings hou ernstige veiligheid- en bedryfsimplikasies in vir huidige leerders sowel as die leerders wat bykomend by die skool geplaas is. Die skool kan tans nie wetlik of verantwoordelik bykomende leerders akkommodeer sonder voldoende hulpbronne nie," sê dr. Juané van der Merwe-Mocke, adjunkhoof van FEDSAS en hoof van regsdienste.

Van der Merwe-Mocke sê dit is moeilik om die provinsiale onderwysdepartement se optrede nie as onderduims te sien nie. "Hier het ons 'n skool wat gewillig is om vir bykomende leerders voorsiening te maak. Vir maande is hulle in gesprek met die provinsiale onderwysdepartement om toe te sien dat daar voldoende hulpbronne beskikbaar gestel word om die uitbreiding moontlik te maak, net om dan uit te vind die Noordwes-onderwysdepartement het gewag totdat die skole gesluit het om agter die skool se rug byna 80 leerders administratief by die skool te plaas sonder om die skool daarvan in te lig."

Tydens die formele gesprekke het die skoolbeheerliggaam duidelike skriftelike en afdwingbare verbintenisse van die departement vereis om met die skoolgemeenskap te kan konsulteer. Daar bestaan egter tot op hede geen voldoende skriftelike en afdwingbare verbintenisse van die departement rakende personeel, infrastruktuur, leer- en onderrigmateriaal of finansiële ondersteuning nie.

Volgens Van der Merwe-Mocke het die Noordwes-onderwysdepartement wel op 20 Januarie vanjaar enkele mobiele klaskamers by die skool afgelewer. Twee bykomende opvoeders het ook by die skool aangemeld sonder dat 'n behoorlike aanstellingsproses gevolg is. Sy sê die skool het egter minstens ses bykomende opvoeders nodig om aan die minimum-onderrigvereistes te voldoen.

"Die mobiele klaskamers is boonop steeds nie behoorlik geïnstalleer nie en daar is geen kragtoevoer beskikbaar nie. Die klaskamers is dus nog nie operasioneel of veilig vir gebruik nie. Die skool se bestaande infrastruktuur verkeer reeds onder beduidende druk. Onafhanklike infrastruktuur- en veiligheidsverslae het uitdagings met die bestaande infrastruktuur en sanitasie uitgewys."

Van der Merwe-Mocke sê om bykomende leerders tans te akkommodeer plaas die beheerliggaam in 'n onhoudbare posisie ten opsigte van sy wetlike sorgplig.
*"Dis belangrik om daarop te let dat die hofaansoek nie daarop gemik is om leerders van hul reg op onderrig te ontneem nie. Die doel is om seker te maak dat toelating op 'n verantwoordelike, wettige en volhoubare wyse geskied, met behoorlike beplanning, voldoende personeel, funksionele infrastruktuur en betekenisvolle konsultasie en samewerking tussen die departement, die beheerliggaam en die gemeenskap wat deur die*

*(Vervolg op p20)*

## FEDSAS in eerste BELA toetssaak (verv)

skool bedien word. Geen skool kan verplig word om leerders te akkommodeer waar dit objektief onveilig of prakties onuitvoerbaar is nie.”

Die implikasies van die saak strek wyer as slegs een skool. Deacon sê in die hofaansoek word gevra vir ’n bestraffende kostebevel teen die departement maar ook teen die provinsiale onderwyshoof weens die minagting van die bepalings van die Skolewet en die magsmisbruik.

“Dit is onaanvaarbaar dat skole die koste moet dra wanneer amptenare hul mag misbruik. Daar is ook geen rede waarom belastinggeld elke keer gebruik moet word om onbevoegdheid of eie agendas te finansier nie.”

Deacon sê indien onderwysdepartemente toegelaat word om eensydig kapasiteitsbesluite te ignoreer en skole sonder voldoende hulpbronne te belas, skep dit ’n gevaarlike presedent wat die statutêre rol van beheerliggame ondermyn. “Dit hou ernstige gevolge in vir leerderveiligheid, onderwysgehalte en die beginsel van samewerkende regering soos vervat in die Grondwet en die Skolewet.” ❖

---

## AFRIKAANSE SKOLE PRESTEER - MATRIEKVERSLAG

***Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) maak matriekverslag bekend.***

Berig verkort soos by ***Maroela Media*** gepubliseer.

Afrikaanse skole het opnuut bewys dat hulle onder uitdagende omstandighede steeds op uitnemende vlak presteer. Met ’n algehele slaagsyfer van 91% en B-graadtoelatings van 54,12%, vier die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) nie net die akademiese sukses nie, maar ook die krag van moedertaalonderrig, en die toewyding van leerders, onderwysers, skoolbesture en ouers.

Die SOS het op Vrydag 30 Januarie 2026 sy matriekverslag oor die pas afgelope matriekeksamen bekend gestel. Siviwe Gwarube, minister van basiese onderwys, het vroeër vandeesmaand aangekondig dat die slaagsyfer vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen tot 88% gestyg het.

***Van die 1 235 901 leerders wat in 2014 in gr. 1 begin het, het slegs 656 415 in 2025 matriek geslaag. Dit is ’n deurvloeikoers van 53%.***

***Die SOS sê die slaagsyfer is ’n historiese hoogtepunt en dat Afrikaanse skole selfs beter gevaar het, met ’n slaagsyfer van 92,4% en ’n universiteitstoelatingsyfer van 57,5%. Die SOS maak sy verslag sedert 2015 jaarliks bekend.***

Melanie Buys, hoof van ontwikkeling by die SOS, sê die slaagsyfer is veral betekenisvol teen die agtergrond van toenemende politieke druk en sistemiese uitdagings in die onderwysstelsel.

“Dit is ’n duidelike bevestiging van die waarde van moedertaalonderrig en ’n kultuur van akademiese uitnemendheid. Die 2025-matrikulante was in gr. 7 en gr. 8 tydens die covid-19-pandemie. Die vasbyt en veerkragtigheid waarmee hierdie groep leerders groot ontwrigting oorkom het, is prysenswaardig en ge-tuig van eienskappe wat ook in toekomstige werksom-gewings van groot waarde sal wees.”

**Luidens die SOS se verslag het die getal leerders wat Afrikaans Huistaal geskryf het, verlede jaar toegeneem met ’n indrukwekkende slaagsyfer van 98,4%.**

Buys sê deurvloeisyfers bly egter kommerwekkend. Van die 1 235 901 leerders wat in 2014 in gr. 1 begin het, het slegs 656 415 in 2025 matriek geslaag. Dit is ’n deurvloeikoers van 53%. Dit is weliswaar beter as in vorige jare, maar die SOS is bekommerd oor die hoër uitvalsyfer onder seuns. Slegs 44% van die klas van 2025 wat geslaag het, was seuns.

Buys sê die SOS stem volkome saam met Gwarube se standpunt dat voorskoolse ontwikkeling en ’n fokus op lees, wiskunde en ’n positiewe leeringesteldheid in die grondslagfase, bepalend is vir volhoubare en betekenisvolle matriekuitslae.

Buys het benadruk dat die volgehoue hoë prestasie van Afrikaanse skole die waarde van moedertaalonder-rig, sterk leierskap en ’n gevestigde kultuur van uitne-mendheid bevestig.

“Hierdie skole bied bewese modelle van beste praktyk wat breër in die onderwysstelsel ondersoek en aange-pas kan word.”

https://skole.co.za/ (lees die volledige verslag by die skakel)

Lees die volledige berig by Maroela Media ❖

---

***Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.***

*Menings in die nuusbrief is nie noodwendig die mening van die Afrikanerbond nie.*

***KONTAK DIE EIKE***

***kommentaar@die-eike.co.za***

***Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006***

***Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343***